

koor was by haar huldigingskonsert. Sy het uit 'n stoel gedirigeer, en so afskeid geneem.

Daar is so baie om te vertel oor Helena. Min mense weet dat Anna Neethling-Pohl voor 'n voordragkonsert of 'n uitsending by Helena kom kers opsteek het. Selfs die Sondag voor Helena se dood het sy nog uit haar hospitaalbed vir Anna gehelp: 'Daardie frase met een asem, Annie, en pasop vir oorbeklemtoning van "dood" in "mooi is die lewe en die dood is mooi".' In haar huldeblyk oor die radio het Anna dan ook hierdie gedig, 'Nog in my laaste woorde', van N P van Wyk Louw aan Helena opgedra.

'Mooi is die lewe' was Helena se credo. Jan Schutte het dit pragtig verwoord: 'Sy het 'n onversadigbare vreugde aan lewe gehad: 'n lewensblye mens met 'n vrolike lag altyd byderhand, ruim in deernis en onverbiddelik teen gemeenheid.'

Hoe dikwels het ons dit nie ervaar nie. Die 16de Maart, haar verjaarsdag, was 'n fees. Almal was daar en terwyl ons smul aan Leentjie se legendariese terte, het die stories uitgeborrel. 'Wag, laat ek julle vertel van die aand toe Louis Knobel en ek gaan konsert hou het en die klomp koshuiskinders aanmekaar gebabbel en gegiggel het. Toe een grootmeneertjie darem opstaan om 'n liefdesbriefie oor die paadjie aan te stuur, was ek briesend. Ek het in die middel van die lied opgehou sing en Louis beveel om hulle te kapittel: "Ons stop die konsert net hier as julle julle nie kan gedra nie." Daarna ... doodse stilte.

'O, ja, en daar was die keer toe ons met 'n piepklein vliegtuigie 'n noodlanding moes maak in die wildernis in Zimbabwe. Ek wens julle kon ons gesigte sien, dis nou Jan Schutte, Louis Knobel, Anna Bender en ek ... benoud! Ek sê vir jou.'

Vir my was een van die mooiste stories die een toe sy 'Heimwee' van S le Roux Marais op Voortrekkerhoogte gesing het en daar 'n wolhaarbrakkie op die verhoog kom sit het. Toe sy die woord 'verlang' sing, trek die diertjie weg, koppie omhoog, met die diepste verlangegehuil. Die gehoor het geskater van die lag. Die ander een is van die ouderling wat besoek kom aflê het. Helena was in haar japon en vra toe of hy in die sitkamer sal wag dat sy gou verklee. Teen die muur was daar foto's van Brahms, Hugo Wolf, Schubert en ander komponiste. Toe sy die vertrek binnekom, sien sy die ouderling peinsend voor Brahms staan. Kopskuddend vra hy: 'Juffrou, dis seker u familie, nie waar nie?'

Helena het 'n besondere liefde vir die liedere van Hugo Wolf gehad. Ek sal nooit vergeet hoe bly sy was toe ek vir haar 'n plantjie gebring het wat ek gekweek het van 'n steggie wat ek by 'Huisie Windebang' buite Wenen, waar Hugo Wolf baie van sy liedere gekomponeer het, gesteel het. Haar kombuis was later byna deur die klimopplantjies toegerank.

Wanneer John McCormack 'Auch kleine Dinge' van Hugo Wolf sing, is dit asof ek die nabyheid van Helena ervaar. Dan sien





Helena Strauss (links voor) by haar Cantare-dameskoor

ek haar, waaiertjie in die hand, waar sy met ingehoue asem sit en wag vir die woordjie 'duftet' wat McCormack so uitspin, en ek onthou dat 'n borsspeldjie wat ek vir haar gemaak het met al die mooi klein dingetjies wat in die lied voorkom, die begin was van 'n lewenslange vriendskap met Jannie Gildenhuys, wat die dag toe hy haar ontmoet het, die borsspeldjie raakgesien het en net gesê het: 'Auch kleine Dinge'.

Ook die klein dingetjies, maar vir Helena, die grootste dinge in die lewe.

# DIRKIE DE VILLIERS



Ek sien hom voor die klavier sit en al pratende en spelende die een na die ander psalm en gesang ontleed en vergelyk met die oertekste – of ek hoor hom die heerlikste Gershwin-melodieë speel met so 'n ritmiese, flambojante flair, om dan ewe skielik oor te slaan na 'n romanties-meesleurende weergawe van 'Danny Boy' en 'Jeannie with the light brown hair'.

Dis wanneer jy jou vergaap het aan Dirkie de Villiers, want jy het geweet dis nie al nie. Want hy was 'n koorleier en -verwerker by uitstek, 'n komponis (al het hy gelag vir party van sy eie pogings), 'n skoolliedkomponis, samesteller van die FAK-sangbundel, 'n geskiedeniskenner soos min, 'n uitsaaier van gehalte, nie net van musiekprogramme nie maar ook van sport, 'n kritikus en rubriekskrywer vir die pers, 'n uithaler tennis- en krieketspeler, 'n gholfspeler met 'n benydenswaardige voorgee, en om alles te kroon ook nog 'n top-brugspeler.

Om Dirkie te geken en te gekoester het, was, o, so maklik. Hoe goed onthou ek sy woorde: 'Cousin, weet jy, dis so wonderlik, ons twee hoef nie maskers vir mekaar te dra nie want ons hoef niks vir mekaar te bewys nie.' Die 'cousin'-noemery was maar altyd daar, want ons is altwee direkte afstammelinge van Rocco Catorz de Villiers, en in die destydse Paarl het hulle altyd net gepraat van 'cousin', en van Catorz, nie Catoggio nie.

Dirk, of liewers Dirk Izak Cattogio de Villiers, seun van ds M L de Villiers, komponis van 'Die Stem van Suid-Afrika', is op 1 November 1920 in Simonstad gebore in die pastorie waar 'Die Stem' die lig gesien het. Dirk kon die ontstaan van 'Die Stem' altyd so beskrywend vertel. Sy vader was besig om doopseëls na te gaan in sy studeerkamer wat 'n uitsig oor die see gehad het. Langenhoven se woorde het deur sy brein bly maal. Toe M L opkyk by die woorde 'uit die diepte van ons see', en sy blik val op die blou, uitgestrekte see, het die melodie hom meteens binnegeskiet. Dadelik het hy dit op 'n koevert neergekrabbel en opgewonde, soos Archimedes van ouds, begin roep: 'Mima, my vrou, ek het dit, ek het dit!'

Die klavier waarop 'Die Stem' voltooi is, staan vandag in die M L de Villiers-huismuseum in Simonstad.

In daardie pastorie het Dirkie opgegroei, met musiek as sy daelikse spyse. 'n Vriend van ds M L, mnr René Caprara, was destyds hoof van die ABC-Uitsaaikorporasie. Eendag, op besoek, hoor hy die kleine Dirkie van sewe jaar sing. Dit kon nie hoër of laer nie – Dirkie moes uitsaai. So het sy uitsaailoopbaan begin met die sing van 'Waai windjie, waai'.

Dirk het hom as onderwyser bekwaam, met Geskiedenis as hoofvak. Sy musiekonderrig het hy egter voortgesit onder



Adrienne Joubert en prof Eric Grant.

Stilsit kon hy nooit. As onderwyser op Vredenburg, Parow, Bellville en Grabouw het hy altyd musiek beoefen en skoolsang behartig. Hy het 'n mannekwartet bymekaar gemaak wat bekendheid verwerf het en oral in die Kaap in aanvraag was.

Graaff-Reinet se onderwyskollege het gehoor van dié entoesiastiese jong man, en saam met sy mooi donkerkopvrou, Doll, is hy in 1954 na hierdie skilderagtige plek waar hy Philip McLachlan as dosent in Skoolmusiek opgevolg het.

Die Vrystaat het kennis geneem van hierdie begaafde man en toe die aanbod as inspekteur van Skoolsang gemaak is, is hy na Bloemfontein. Hy was by ons op besoek toe hy die keuse tussen 'n pos in Johannesburg en die een in Bloemfontein moes maak. 'Weet julle, ek dink tog Bloemfontein is 'n beter plek om kinders in groot te maak,' en só het hy besluit. Johan, Suzanne, Louise en Ilse is daar opgevoed en Doll, sy vrou, het as sielkundige daar gepraktiseer.

Dit was nie lank nie of Dirk het hoof van Musiek aan die Vrystaatse Onderwysdepartement geword. Omdat hy altyd in koorsang belang gestel het, was dit vir hom 'n wonderlike dag toe die administrateur hom in 1964 gevra het om 'n Vrystaatse Jeugkoor in die lewe te roep. Dit was harde werk. Skole moes oral besoek word om stemme uit te soek. Elke Saterdag moes daar gery word na 'n sentrale plek waar



Dirkie de Villiers met sy presidensiële toekenning

geoefen is – maar Dirk se geesdrif en werkywer het hierdie koor landwyd bekend gemaak. Hy moet geloof word daarvoor dat dit die eerste provinsiale jeugkoor in die land was, en baie belangrik, dat skoolerekleure toegeken is vir musiekprestasie. Hierdie koor het dan ook die voorreg gehad



om op te tree tydens die inhuldiging van die eerste Staatspresident, C R Swart. Hulle het gereeld by die twintig konserte 'n jaar gegee.

In 1974 het Dirk die koor se leisels oorgegee, maar met 'n nuwe kampanje begin. Sy doel was om soveel moontlik skoliere te laat oplei as instrumentaliste, en om 'n jeugorkes tot stand te bring.

In 1977 was daar reeds by die 700 leerlinge wat onderrig in orkesinstrumente ontvang het. Vandag nog is Bloemfontein bekend vir sy baie jeugorkeste. Hierdie breinkind van hom het gelei tot die stigting van die Sukovs-orkes.

Kerkmusiek het hom na aan die hart gelê. Vanaf 1956 tot sy verhuising na Onrus, naby Hermanus, was hy orrelis in die Bloemheuwel-gemeente. Sy verbintenis met hierdie gemeente was vir hom kosbaar. Sy belowende jong seun, Pierre, is in Februarie 1970 uit daardie kerk begrawe. Hoe goed onthou ek daardie emosiebelaaide dag. Pierre was lid van die Vrystaatse Jeugkoor. Toe die koor begin sing, was dit asof 'n golf van meegevoel en liefde deur die kerk gespoel het. Ek onthou ook hoe Dirk vir my die angsrit om bloed in 'n naburige dorp te kry om die kritiek beseerde Pierre te red, beskryf het. Tog was dit tevergeefs. Om Pierre se bed het hierdie wonderlik hegte gesin hande vasgehou en al singende van hom afskeid geneem.

Ook vir my het hierdie twee rotsvaste mense, Dirk en Doll, ondersteun toe ek hulle nodig gehad het. Hoe kan ek ooit vergeet dat dit Dirk was wat vroeg een oggend saam met my aan my sterwende vader in die hospitaal moes gaan sê dat sy lewensmaat aan 'n hartaanval gesterf het – en 'n paar weke later was dit weer Dirkie wat op Pappie se begrafnis 'Oggend' van Grieg, een van Pappie se lieflingwerke, op die orrel gespeel het.

As kerkorrelis en musiekkenner was Dirk deeglik bewus van tekortkominge in die Psalm- en Gesangeboek. Van 1961 tot 1976 was hy lid van die Hersieningskomitee, en het hy talle psalms en gesange voorsien van nuwe harmonieë. Sy medewerkers was prof Gawie Cillié en J D Malan.

Dirk was ook van 1952 lid van die Musiekkomitee van die FAK en het ure spandeer as redakteur van die 1960-uitgawe van die FAK-sangbundel om baie van die volksvreemde liedere te vervang met inheemse liedere. Nog een van die talle komitees waarop hy gedien het (vir 21 jaar), was die Advieskomitee van die Musiekeksamens van Unisa. Baie jare het Dirk oor die radio en TV uitgesaai. Hy kon tog so met smaak vertel van die keer toe Douglas Fuchs hom onverwags 'n mikrofoon in die hand gestop het en hy 'n sportuitsending moes doen. 'Cousin, ek sê vir jou, tot vandag weet ek toetentaal nie wat ek alles oor die lug kwytgeraak het nie. Ek het seker die grootste twak uitgesaai,' en hy lag terwyl hy sy pyp opsteek.



Eintlik sal Dirk onthou word vir sy musiekprogramme 'Bekend maak bemind', en veral sy laaste reeks, 'Vanmelewe was hulle bemind'. Hy kon in hierdie programme altyd iets vertel wat nuut en fris op die oor geval het – uit die skatkis van sy eie musiekervaringe kon hy juweeltjies haal en voor jou laat skitter.

Toe ek kort na sy heengaan 'n program oor hom gemaak het, het Gerald Fokkens van die SAUK vir my 'n opname kon gee van Dirk se heel laaste uitsending waarin hy 'Totsiens' sê – voorwaar 'n roerende oomblik.

Dirk se gesondheid het agteruitgegaan en op aanbeveling van die dokter het hulle na Onrus verhuis, waar hy en sy Doll nog 'n paar jare gelukkig kon deurbring en hy nog kon voortgaan met verwerkings en skryfwerk. Hy was bewus daarvan dat hy nie sou herstel nie, en in een van sy laaste briefies skryf hy: 'Ons lewens gaan verby en ons sien dié vir wie ons werklik liefhet en omgee te min' met 'n dubbele streep onder 'te min'.

Op 2 Julie 1993 het die Libertas-koor van Johan, sy seun, by die Grahamstad-fees opgetree. Die werk wat hulle gesing het was *Ein Deutsches Requiem* van Johannes Brahms. Hoe wonderlik dat terwyl die koor die woorde 'Denn alle Fleisch ist wie Gras' gesing het, Dirk, die man met die ruim hart, sy oë vir ewig gesluit het. Die daaropvolgende uitvoering is toe ter nagedagtenis aan 'n besondere man, musikus en vader opgedra. Hoe toepaslik is die slotwoorde van hierdie Requiem nie op Dirkie de Villiers nie: 'Salig is die dooies wat sterf in die Heer. Hulle rus van hulle arbeid – *maar hulle werke leef voort.*'

Hy is weggelê in sy geliefde Boland onder die klanke van 'Bly by my, Heer': vir hom die mooiste kerklied, 'n lied wat hy, tipies van 'n Viljee, op die orrel in die klein dorpie West Brixham, waar die lied ontstaan het, op 'n dag met diepe ootmoed gesit en speel het.



# BETTY PACK

Maar mense, praat Afrikaans met my. Weet julle dan nie? Ek is 'n Boerejood!' ... En 'n stralende Betty Pack gooi haar mantel oor 'n stoel om haar bewonderaars die hand te gee by 'n partytjie ná 'n wonderlike konsert in die destydse Voortrekkergedenksaal in Visagiestraat. Die Afrikaanse Musiekklub van Pretoria het haar genooi om op die 2de Maart 1959 'n tjello-uitvoering te kom gee. Sy was in die fleur van haar lewe, en is allerweë beskou as die beste uitvoerende tjellis in die land.

Dié aand het Betty die verhoog betree, geklee in 'n swart rok met kantinsetsels en haar tjello in die hand. Van meet af aan was dit duidelik dat daar ernstig musiek gemaak sou word, want vir fieterjasies en aanstellerigheid was daar in haar lewensboek geen plek nie. Haar programkeuse was uit die boonste rakke ... die Sonate in F van Richard Strauss was die hoofwerk, maar dit was met die meesleurende 'Gebed' van Bloch dat sy haar gehoor aangeraak het. En tog sal mens haar weergawe van Granados se Spaanse Dans no 5 en 'Guitarre' van Moskowski ewe goed onthou. Interessant genoeg het sy daardie aand 'n werk wat aan haar opgedra is, 'Invocation' van Horace Barton, gespeel. Dit is 'n mooi komposisie van hierdie Suid-Afrikaanse komponis en dit is eintlik jammer dat dit so min gehoor word.

Maar wie was hierdie vrou wat seker een van die grootste bydraes gelewer het om jong strykers op te lei en te inspireer? Sy het vir hulle die deure wat lei na die wonderwêreld van kamermusiek oopgesluit. Sy het hulle saamgesnoer in seker die beste jeug-strykorkeste. Sy het tot die verbasing van die wêreldberoemde Pierre Fournier 'n tjello-orkes vir hom laat speel. Dit was 'n verwerking van J S Bach se Prelude no 22 Bk 1. Dit was al skemer en dit was byna asof daar 'n magiese krag uit Betty se hande na die kinders uitgestraal het ... Hulle het gereageer met 'n aangrypende vertolking. Daardie skemeraand sal ons almal wat daar was vir altyd bybly, want Pierre Fournier was bewoë toe hy Betty en haar geïnspireerde spelertjies bedank het. Die datum? 9 Oktober 1976. (Dié jaar sou verder ook nog die kroon span in Betty Pack se lewe, maar later meer daaroor.)

Waar het haar wortels gelê?

Aan die begin van die twintigste eeu is die Jode in Rusland dikwels vervolg. Twee van Maurice Pack se broers het Rusland die eerste verlaat om in Calvinia met volstruise te gaan boer. Toe die vervolging toeneem, het Maurice as 'n sestienjarige seun besluit om by sy broers aan te sluit, al moes hy die nooi van sy hart laat agterbly.

Na 'n paar jaar het Maurice en sy broer Julius 'n plaas in die distrik Nylstroom gekoop. Dit was nie lank nie, of hulle was bekend en bemind. Maurice, wat klein en donker was, is Swart-Pak gedoop en sy






Betty Pack (foto: M Karklin)



broer met die rooi hare het die naam Rooi-Pak gekry. Waar Swart-Pak 'n filosoof en 'n dromer was, was Rooi-Pak avontuurlustig en bekend vir sy wilde motor bestuur. Intussen het Maurice sy nooientjie na wie hy so verlang het in Rusland gaan haal. Haar naam, Henriëtta Isacovitz. Hy het allerlei mooi beelde geskets van 'n plaas op die walle van die Nyl, en toe sy as sy jong bruid op die plaas aankom in die middel van 'n versengende droogte, was sy woedend.

Hulle vertel dat sy 'n volle maand nie met hom wou praat nie. Alles is egter vergewe en vir meer as dertig jaar was hulle gelukkig getroud. Maurice wou dolgraag 'n seun gehad het. Die eerste kind was Sophy, daarna Miriam (sy was ook 'n tjellis, maar het jonk gesterf), en toe Ethel, die tjellis Marian Lewin se moeder. Sara het gevolg en toe die volgende baba verwag is, was Maurice seker dat dit dié keer 'n seun sou wees.

Toe sy ou skaakmaat dr Dekkema egter uit die slaapkamer kom en vir hom vyf vingers wys met die woorde 'Swart-Pak, hierdie hand is nou vol', het Maurice sy rug op sy vrou en dogter gedraai en 'n week lank nie na hulle gekyk nie. Later was hy egter baie lief vir klein Betty.

Van kleins af was Betty baie lief vir blomme, plante en alle diere – groot en klein. Toe die gesin na Arcadia in Pretoria verhuis het, het sy haar verlustig in die kunswerke, die blomme, die verfynde kennisse, en die musiek wat in die fraai musiekkamer gemaak is.

Haar moeder was baie streng en Betty het vertel hoe hulle somer en winter vyfuur in die oggend moes opstaan om onder 'n koue stort gestoot te word. Met styfgevlegde hare moes hulle elkeen minstens 'n uur lank musiek oefen voordat hulle skool toe kon gaan. Geen wonder nie dat dissipline vir haar 'n lewenswyse was.

Grootdoenerigheid kon sy nie verdra nie. Miskien was dit ook haar moeder se invloed wat gegeld het, want selfs toe die beroemde violis Bronislaw Huberman haar hemelhoog geprys het nadat sy vir hom gespeel het, het haar moeder haar voor hom afgekam sodat sy nie te groot vir haar skoene sou word nie.

Betty se tjello-onderwyser was Eric Leftwich (die man van Blanche Gerstman). Dit was deur hom dat sy kennis gemaak het met kamermusiek. Leftwich was die tjellis in Harold Ketelbey se strykkwartet. Een aand het hy Betty saamgeneem en vir Ketelbey gevra of Betty nie in sy plek kan speel nie, aangesien hy sy vinger beseer het. So het 'n lang musiekverbintenis ontstaan. Harold Ketelbey (wat soms verwar word met die komponis Albert Ketèlbey, wie se regte naam William Aston was) het onmiddellik belang gestel in die jong tjellis en haar die volledige standaard-kwartetrepertoire geleer. Harold Ketelbey was 'n uitstekende musikus wat aan die voete van die legendariese Josef Joachim gesit het.



Die man by wie Betty miskien die meeste geleer het, was Michael Doré. Doré was 'n leerling van Leopold Auer. Sy medestudente was Mischa Elman en Jascha Heifetz. Sy leermeester in komposisie was Glazoenow en die beroemde Nikisch het hom leer dirigeer. As kind het hy aan die konservatorium in St Petersburg in 'n orkes gespeel wat deur Tsjaikowski gedirigeer is. Omdat hy bevriend was met Diaghilev, het hy vir Pavlova en Nijinski goed geken. Met so 'n formidabele musiekagtergrond kon dit nie anders as dat hy Betty se musiekhorisonne verbreed het nie. Sy self het vertel:

> Hy was waarlik 'n groot musikant en 'n ongelooflike violis. Daar was niks wat hy nie kon bladlees nie. Tegnies was hy fenomenaal – en sy liefde vir kamermusiek moes mens sien om te glo. Ons het verskeie middae per week by my huis geoefen en Michael, wat destyds die leier van die Johannesburgse Munisipale Orkes was, het die bus gehaal van die stad af en het dikwels in gietende reën verby die Orange Grove-poskantoor geloop om strykkwartette in sy etensuur te kom speel.

Horace Barton, 'n Britse orrelis, pianis en komponis wat hom in 1897 in Suid-Afrika gevestig het, was nog iemand wat 'n rol in Betty se lewe gespeel het.

Toe Betty as sestienjarige haar eerste groot uitvoering gegee het (dit was Dvořák se tjellokonsert), het Horace Barton in die gehoor gesit. Hy was so beïndruk met haar spel dat hy spesiaal musiek vir haar gekomponeer het. Betty was in die wolke en het besluit om klasse by hom te loop. Sy het baie by hom geleer, maar het uitgevind dat hy genadeloos kon wees. Sy het een vakansie al haar tyd gewy aan 'n simfonie wat sy gekomponeer het ... sy kon nie wag om dit vir hom te wys nie. Hy het vir 'n hele halfuur met die manuskrip naby sy oë gesit (hy was bysiende), en met 'n glimlag op sy gesig het hy haar simfonie in duisend stukkies geskeur met die woorde, 'Betty ... Betty, bly by jou tjello.' En tog het Betty van hom gesê: 'Daar was 'n vriendskap en toegeneentheid wat tot sy dood toe in stand gehou is. Geestelik, moreel, intellektueel en in die musiek is ek deur hom onderrig ... ook deur die voorbeeld wat hy as mens – amper supermens – gestel het.'

Na haar ouers se dood in 1943 en 1945 het Betty oorweeg om oorsee te gaan.

Daar was in daardie stadium 'n groot behoefte aan onderrig in strykinstrumente en Betty het besluit om te bly en te begin les gee. Daarvoor kan ons haar nooit genoeg bedank nie. Kyk maar rond: in talle orkeste en musiekinrigtings duik daar spelers op wat op een of ander manier deur Betty se hande gegaan het.

Wat het van haar so 'n besonder goeie leermeester gemaak?

Sy was streng, ja, maar het eindelose geduld gehad en kon sonder om daaraan



te dink belowende kinders en studente wat gewys het dat hulle ernstig was in hulle strewe, ekstra ure onderrig gee en inspireer.

Ouers het van heinde en verre hulle kinders na haar knus en gesellige huis Melody in Orange Grove aangery. Buite op die stoep waar mens gewag het, was dit soos 'n ware glashuis met eksotiese plante. Mandjies wat van die dak hang, vol welige plante wat oor die rant na jou loer, en vate en blombakke met gesonde fris blare het jou laat voel soos 'n prinses in die hangende tuine van Babilon, met agtergrondmusiek en al. (Miskien was dit die musiek wat hierdie plante, teen die wet van die natuur, na binne laat rank het!) En moenie dink dat mens sou weggaan sonder 'n heerlike koppie tee nie. Dié takie is gewoonlik opgedra aan Sara of Ethel.

Daar het altyd 'n warmte uit dié huis gestraal en ek kan nie een keer onthou dat daar iets slegs van iemand gepraat is nie. Wanneer 'n student 'n probleem met 'n frase gehad het, het Betty dikwels deur suggestie die verlangde effek verkry. Alan Solomon, wat twee-en-twintig jaar lank 'n musikale en 'n geestelike band met haar gehad het, het hierdie metode wonderlik beskryf. Hy was agtien jaar oud en besig om die Sibeliuskonsert vir viool te leer speel. In die eerste beweging kom daar twee keer 'n gedeelte voor met gebroke akkoorde. Die note het hy goed geken; hy het geweet hoe dit moet klink maar kon dit net nie regkry nie.

Na talle lesse het Betty eendag in die middel van 'n les gesê: 'Sit neer jou viool. Kom saam met my.' Hulle het die Orange Grove-heuwel uitgeklim. In die skaduwee van 'n groot bloekomboom het hulle gaan lê, plat op die grond. 'Lê nou doodstil en voel hoe die windjie jou gesig streel,' het sy gesê. 'Daardie gedeelte van Sibelius ... dit moet dieselfde gevoel van teerheid hê ... van lug tussen die posisieveranderinge ... soos hierdie koel windjie wat nou aan jou wange raak.' Terug in die musiekkamer het Alan, sonder om te dink wat hy doen, die moeilike deel begin speel. 'Dis reg! Jy het dit!' het Betty uitgeroep. Die atmosfeer was gelaai met opwinding en saam het hulle gelag en gehuil.

Dit was in 1950 dat Betty besluit het om kamermusiekstudente te neem. Almal het gewonder of daar ooit genoeg belangstelling sou wees. Haar eerste groep het bestaan uit kinders van tussen nege en elf jaar. Hulle was Vincent Fritelli, Michael Brittan, Marian Lewin en Pauline Nossel, toe nog Pauline Schaffer. Hulle het hard gewerk maar Betty het geweet hoe om spanning te verlig met 'n grappie of twee of, les bes, met 'n ietsie om te drink of te peusel.

Algou het musiekonderwysers wat hierdie groepie hoor speel het besef dat 'n nuwe wêreld ook vir hulle leerlinge geopen kan word, en later kon sy skaars voorbly met kamermusiekonderrig. Met soveel leerlinge het sy besluit om 'n jeugstrykorkes saam



te stel. Een van hulle vroeë konserte is in die ou Pretoriussaal van die Stadsaal in Pretoria aangebied, deur die Afrikaanse Musiekklub. Die konsert was so 'n groot sukses dat my man, wat die sekretaris was van die Afrikaanse Musiekklub, hulle gevra het om weer op te tree, maar dié keer in die Musaion. Die datum, 13 Junie 1962.

Betty Pack was 'n uitstekende dirigent en het die vermoë besit om sonder groot vertoon die mooiste klanke uit haar kamerorkes te tower. Met haar dinamiese persoonlikheid het sy die spelers aangevuur om net hulle heel beste te lewer. In 1975, tydens die Internasionale Fees vir Jeugorkeste in Aberdeen, Skotland, het die dirigent Claudio Abbado haar gevra om die strykers af te rig.

Geen wonder nie dat sy in 1976 'n segetog deur Israel met haar twee jeugkamerorkeste, haar twee tjello-orkeste en haar kamermusiekensembles gelei het.

Ek onthou nog die vlug met die El Al-redery baie goed. Ons het die vliegtuig vol gesit, want ons was genoeg deelnemers en ouers om vier busse te vul. Ek het lanklaas vir Betty so opgewonde en gelukkig gesien. Uiteindelik sou haar droom waar word. Almal was vrolik, en so erg het dit gegaan dat daar kort-kort 'n aankondiging was dat ons ons sitplekgordels moes vasmaak. Toe ons navraag doen, was die antwoord, 'Ons doen dit omdat julle nie na Israel vlieg nie, maar LOOP.'

Vir Betty het hierdie toer die kroon gespan op al die jare van harde werk. Die Israeli's kon hulle oë en ore nie glo nie. Die standaard was ongelooflik hoog. Ek onthou dat ons een oggend om vieruur moes vertrek uit Arad om in Tel Aviv te gaan optree met die opening van hulle musiekonderwyserskongres, want van hulle leermeesters wat die jeugorkeste gehoor het, het daarop aangedring dat hulle moes optree sodat die Israeli's kon sien wat gedoen kan word.

Oral waar haar orkeste opgetree het, is hulle net lof toegeswaai. Of dit op kibboetse of in die deftige Jerusalemteater was – die publiek kon nie genoeg hoor nie. Dit was juis in die Jerusalemteater dat hulle daarop aangedring het dat die Juniororkes gedurende die pouse in die foyer moes speel ... hulle kon net nie ophou luister nie.

Al was Betty 'n Jodin, het sy omdat ons Kerstyd in Israel sou wees, maande voor die tyd aansoek gedoen vir 'n optrede in Bethlehem op Oukersaand. Dit was die eerste keer in die stad se eeuelange geskiedenis dat 'n nie-vokale groep die aand daar op die Bethlehemplein opgetree het. Die geleentheid is wêreldwyd deur die Israelse televisiediens uitgesaai. Een van die werke wat hulle die aand gespeel het, was die *Vier Seisoene* van Vivaldi met Alan Solomon en Gérard Korsten as soliste.

Daar was 'n geweldige samedromming van mense. Mense van heinde en verre het styf



teen jou aangedruk onder harde gelag, geskree en soms gejou deur 'n aantal dronkes. Tussen ons bene deur het klein seuntjies gekruip en skelmpies handsakke oopgemaak om te kyk wat hulle kon vaslê. Bo-op die geboue en op die hoë mure het gewapende soldate wag gestaan. Bo-oor dit alles het Betty se Senior Jeugorkes se suiwer klanke tog uitgetroon. Ons wat gehoop het op 'n ryk geestelike ervaring was ontnugter. En tog was dinge veel erger die nag toe Christus gebore is, het 'n jong student opgemerk.

Ons het vroeër as beplan teruggekeer na ons hotel. Ek het so twee weke tevore 'n klompie van ons eie Suid-Afrikaanse Kersliedere wat mev Jo Ross versamel het uitgedeel, en aangesien daar pragtige stemme tussen ons was asook mense wat maklik kon harmonieer, het ons gou 'n hele aantal Kersliedere geken. Dit sou tog iets besonders wees om ons eie Kersliedere in Bethlehem te sing, al was dit dan dan net vir onsself. Al singende het ons tog Kersfees ervaar. In die donkerte van die bus het ons nie gesien dat 'n teleurgestelde Betty in ons bus geklim het nie.

In Januarie was ons met vakansie in Uvongo. Betty en al die Packs het 'n strandhuis in Beaumontstraat in Uvongo gehad. Een heerlike oggend het ons saam tee gedrink onder 'n bont sonsambreel. Die gesels was oor die pas afgelope reis deur Israel. Dis toe dat Betty sê: 'Ek was so bitter teleurgesteld daardie aand in Bethlehem, maar weet julle wat het die aand tog vir my mooier gemaak? Terwyl ek so hartseer voor in die bus gaan sit het, het daar skielik van agter uit die bus die mooiste veelstemmige sang gekom. Dit was vir my 'n ware sielsvertroosting.'

Wat my egter die helderste bybly is 'n onbewaakte oomblik in Israel waar ons siele geraak het. Ons het almal na die Gedenkmuseum Yad Vashem gegaan, net wes van Jerusalem. Die kompleks is opgerig ter herinnering aan die ses miljoen Jode wat in konsentrasiekampe omgekom het tydens die Tweede Wêreldoorlog. In die groot vierkantige Saal van Herinnering, wat uit groot gekapte blokke van basalt gebou is, brand daar 'n ewige vlam in 'n gebreekte brons kelk. In hierdie indrukwekkende saal waar die as van baie van die martelare in die groot grafkelder geborge is, is ons amptelik ontvang en het ons meegedoen aan 'n erediens.

Betty was diep ontroerd en het stil verdwyn na buite. Daar in die laan van bome en struike wat geplant is in die naam van weldoeners van die Joodse vlugtelinge het ek haar gevind. Die trane het onkeerbaar oor haar wange gevloei en byna onhoorbaar het sy gesê, 'Waarom is dood so treurig?' Ek het 'n takkie van 'n mirreboompie gepluk en gesê: 'Neem hierdie takkie om jou te herinner aan 'n baie seldsame dag.'





Betty Pack dirigeer haar Suid-Afrikaanse Jeugorkes in Israel in 1976

Min het ek geweet dat sy, ten spyte van 'n vertoon van energie, reeds bewus was van 'n gewassie wat haar binne 'n paar maande van ons sou wegneem.

Die dag toe ons afskeid geneem het in Israel het die bekende musiekkritikus van die *Jerusalem Post*, Yohanan Boehm, Betty ongehoorde lof toegeswaai. Sy slotwoorde was 'She is a jewel that you must treasure: look after her.' Sy wás 'n kosbare juweel ... 'n diamant wat vir altyd sal bly skitter.

**Bronne**


*Die Betty Pack-verhaal* deur Alan Solomon.
Koerantknipsels.

# MARINA DE GABARAIN



'Kyk, Marina, as jy nou by die sigaretfabriek se deur uitkom, wil ek hê dat die mans wat in twee rye sal staan, aan jou moet vat,' gee Anna Neethling-Pohl bevel – en dis net daar dat die Spaanse bloed in hierdie Carmen van ons se are begin kook.

'No! Carmen vill not be touched. Shé chooses who shall touch her! That is the Spanish way.'

Twee titane konfronteer mekaar, weeg mekaar op – en besluit 'ons verstaan mekaar'. Die gevolg? Geslaagde opvoerings van *Carmen* van Bizet deur die Pretoriase Operagroep in die Aula by UP in 1962.

Marina de Gabarain, ons Spaanse Carmen, was geseënd met 'n uitsonderlike stem – sy kon van alt ewe rats in sopraan oorgaan – eintlik 'n rare stem, 'n ware koloratuuralt. Vir haar sangopleiding het sy na Italië gegaan en daarna na die Koninklike Musiekkollege in Engeland. Vir Liedersang het sy by die beroemde Elena Gerhardt, wat in Londen gewoon het, gaan kers opsteek. Miskien is dit tog interessant dat 'n aantal Suid-Afrikaners soos Helena Strauss en dr Jan Schutte ook by Elena Gerhardt studeer het. In Glyndbourne het Marina haar debuut in *La Cenerentola* van Rossini gemaak. Plaatopnames het gevolg en gou was sy oral in aanvraag. Gasoptredes by die Edinburghfees en aan Covent Garden, asook in Berlyn, Köln, Monte Carlo en Buenos Aires onder dirigente soos sir John Barbirolli, Guido Cantelli, Leopold Stokowski, Vittorio Gui, sir Malcolm Sargent en Lorin Maazel het oor die jare gevolg.

Pas na haar geslaagde optredes as Carmen aan die Paryse Operahuis het ons hierdie aantreklike vrou met die warm persoonlikheid in Pretoria verwelkom. In my verbeelding kon ek haar sien in Spaanse drag, kam in die swart hare met die swart mantilla, in die laaste bedryf. Ek moes die kostuums vir die opvoering behartig, en het heimlik gejubel. Sy sou die volmaakte Carmen wees, selfs in die dowwe fabriekskostuums.

Gideon en Esther Roos het *Carmen* in Afrikaans vertaal, en die plan was om dit so op te voer met Maud Weyhausen, 'n Suid-Afrikaner, toe in Wenen woonagtig, in die titelrol. Die koor en ander sangers het hulle rolle al in Afrikaans geken toe die kabel kom dat Maud siek is. Wat nou gemaak? Basil Taylor het aan die werk gespring, Marina uit die skatkis gehaal en bosberaad gehou – die hoofsangers soos Gé Korsten, Norman Bailey en Saline Koch sou in Engels sing, en die koor in Afrikaans. Ek kry nou nog lag as ek luister na die Sequidella, en dan hoor ek hoe antwoord die koor, 'Na die tronk, na die tronk'.

Carmen sou nog vonke laat spat. Marina het 'n welige bos pikswart hare gehad en



Marina de Gabarain as Carmen in die tweede bedryf van Bizet se opera wat in 1962 deur die Pretoriase Operagroep in die Aula opgevoer is (foto: Dotman Pretorius)



het dus nie 'n pruik gedra nie. In die derde bedryf waar die smokkelaars (waarvan Carmen en José nou deel is) oornag, vind daar 'n stryery tussen José en Carmen plaas. Sy is moeg vir hom en hy voel verstote ... Gé kon hom geweldig in hierdie rol inleef en teenoor die vurige Marina was dit asof 'n lont aan die brand gesteek is. Hy gryp haar aan die hare, vergetende dat dit nie 'n pruik is nie, en pluk só hard terwyl hy sing dat die trane oor haar wange rol van die seer. Sy was woedend en besluit daar en dan dat sy gaan wraak neem.

Met die volgende opvoering was haar plan mooi netjies uitgewerk. In die taverne van Lillas Pastia verlei sy vir José, maar hy hoor die sinjaal uit die barakke en besef hy moet terug. Sy vererg haar dan, en dis net hier wat Marina haar ding gedoen het. 'No, no, you do not love me,' sing sy en gryp sy swaard van die tafel en gooi dit só ver weg dat dit agter die gordyn verdwyn. Die angs op Gé se gesig was 'n studie in frustrasie, want volgens die opera moet hy binne 'n paar minute 'n swaardgeveg met sy kaptein, Zuniga, hê. Ons wat agter die skerms was maar nie by die swaard kon kom nie, hoor toe die volgende: 'Carmen, I adore you,' in volle stem, en dan met 'n draaibeweging na agter 'n tersyde: 'Waar is my swaard?' Gé was verlore, want tok-tok-tok, en daar staan Zuniga, gereed vir die tweegeveg met swaarde. Buite raad spring Gé tot voor Zuniga en bal sy twee vuiste, kompleet soos 'n seuntjie wie se 'oumatjie' omgeskop is. Daardie prentjie sal ek nooit vergeet nie – ook nie die ligte geproes in die gehoor nie.

Marina het haar deeglik gewreek, maar by nabetragting tog lekker met Gé en ons almal gelag.

Dit was 'n besondere tyd vir die operagroep. Alles is gedoen sonder om 'n duit daarvoor te kry. Dit het nie saak gemaak nie, en wat het ons nie alles prakseer nie. Ons het met 'n geleende bakkie gery en lang gras langs die paaie gaan sny om die sakke van die smokkelaars op te stop; elkeen het sy eie mandjie vrugte of blomme moes bring vir die eerste bedryf. Dit was voorwaar vir ons 'n tyd van opwinding.

Marina het later, na die totstandkoming van Truk, weer Suid-Afrika besoek en 'n uitmuntende vertolking van Azucena in *Il Trovatore* gegee.

Ons het kontak behou totdat Juan Carlo, haar man, in 'n hartseerbriefie laat weet het dat sy geliefde Marina in haar vroeë veertigerjare aan keelkanker gesterf het. Miskien was die muse jaloers op haar godgegewe stem.

Ek wonder so dikwels of die lewensgrootte batik van haar in die rol van Carmen, wat Johan Coetsee vir haar gemaak het, nog iewers hang. Haar laaste woorde aan Johan was: 'Every time I sing Carmen, this beautiful batik shall hang in my dressingroom.'



Marina de Gabarain as Carmen uitoorlê Gé Korsten as Don José in die eerste bedryf van Bizet se opera (foto: Dotman Pretorius)



# SUNA KORAT

'Joubero, help!' klink dit byna soos 'n noodkreet oor die foon. 'Ons sit met 'n prima donna wat kla sy kan nie slaap nie want die stad is te raserig. Asseblief ou, kan sy nie maar by julle kom bly nie?'

Neels Hansen, operaregisseur en kostuumontwerper, het geweet dat ons al verskeie sangers gehuisves het en buitendien is ons goeie vriende, want het ek dan nie sy heel eerste kostuum vir hom ontwerp toe hy as student in ''n Sonnige Dag' van Quintero moes optree nie? Dat die nou, swart Spaanse broek 'kierts' op die eerste aand oopgeskeur het, was dan ook 'n hoogtepunt van die opvoering.

'Wie is dit, Neels?' wou ek weet. 'Nee, dis die Turkse sangeres wat Violetta vir ons in *La Traviata* kom sing.' Ek het geweet dat Suna Korat die hoofrol sou kom sing, maar ek was skoon verbaas toe Neels hier aankom met 'n strooi-blonde blondine. Turkse nooiens is mos verleidelik, donker, met lokkende bruin oë en lang gitswart hare – altans so het ek my altyd die meisies van die harem voorgestel.

Met groot blou oë kyk Suna my aan toe hulle voor die deur staan. 'Tank joo. Sorry, my Eenglish not good!' Gelukkig ontdek ons dat sy Duits magtig is, want toe sy die spaarkamer binnestap, het sy rondgekyk – ja, 'n mens kan maar sê sy het die vertrek van hoek tot kant tot by die stort gevisenteer – en toe gevra: 'Kleine Tierchen? Nein?' Ek steier terug – sou sy nou waarlik dink dat daar weeluise is? Later sou ek eers agterkom dat sy 'n heilige vrees vir spinnekoppe gehad het.

Suna Korat was enig. Fyn en in 'n mate broos. Die eintlike rede waarom sy by 'n gesin wou wees, was dat van haar familielede haar altyd vergesel het wanneer sy gaan toer het. Dit was asof sy morele steun en versorging nodig gehad het. Vroeg een oggend hoor ek 'n gekreun en gesnik – daar was die arme Suna in pyn. 'Ich bin krank! Ich habe grosse Zahnschmerz, und hab geträumt dass ich meinen Alfredo eingeschlukt hat.' Wat maak 'n mens met iemand wat daardie aand moet sing, wat tandpyn het en boonop nog 'n nagmerrie gehad het dat sy haar tenoor, van wie sy toevallig nie baie gehou het nie, ingesluk het? (Miskien was dit sy middelmatige sang wat haar gepla het.) Vir die tandpyn was daar raad maar nie eens 'n geknyp sou hom sy hoë C's laat bykom nie.

Ons kos was vir haar interessant omdat dit 'anders' was, maar toe ontwikkel sy skielik 'n onversadigbare drang na biefstuk. Ons koop biefstuk na biefstuk – ons panbraai, ons rooster, ons bak dit – maar Suna bly sê: 'Nicht gut, nicht gut.' Ek trek naderhand vir Leonore Veenemans nader. 'Kyk, Leonore, jy het huishoudkunde geneem. Mintag man, kom help ons.' Ons week die biefstuk in melk, ons besprinkel dit, ons draai dit toe in papajaskille, ons



kap dit met 'n hamer, maar steeds, 'Nicht gut!' Uiteindelik – en tot vandag weet ek nog nie hoe nie, miskien die knoffel – is die biefstuk na haar smaak. Ons gaan sit aan tafel. Suna eet die eerste happie en 'n sonskynglimlag bereik my aan die oorkant – 'Ist gut!' En net toe lui die telefoon. Die kantoor wou haar reisplanne finaliseer. Die dame kon geen woord Duits praat nie en Suna g'n Engels nie. Teen hierdie tyd was ek al gewoond om haar na die foon te roep wanneer daar 'n oproep vir haar is, en dan in Duits vir haar te tolk. Terwyl ons besig is, hoor ons 'n lawaai van messe en vurke. Ons storm die eetkamer binne net om Pakkie, ons dashond, te sien lê en smul aan, ja – die vertroetelde 'Ist gut'-biefstuk!! Ek was woedend en deel 'n paar harde klappe uit – en Suna? Dié staan en huil. 'Du hast Pakkie obi gemacht!' Kyk, daardie brakkie het die seerkry of 'obi' verdien.

Ons het 'n papegaai, Chou-Chou, gehad wat kon praat. Dit was Suna se groot begeerte dat die papegaai haar naam moes sê. My man het 'n slim plan beraam – ons swart kat word summier 'Suna' herdoop, en elke oggend wanneer hy die kat versorg, het hy die papegaai naby gesit en terwyl hy die kat streel, aanhoudend 'Suna' gesê. Dit was 'n geslaagde eksperiment want op 'n dag trek Chou-Chou los met 'n dawerende 'Suna'. Suna was soos 'n kind met 'n verjaarsdagpresent – 'Er sagt Suna!! Wie herrlich!' Vir haar wat groot lof vir haar pragtige sang ontvang het, was Chou-Chou se 'Suna' die grootste toejuiging.

Omdat sy so lief was vir diere het ons besluit om, al was dit net vir een en 'n halwe dag, na die Nasionale Krugerwildtuin te gaan. Sy was gaande oor al die diere en ons moes net keer dat sy nie uit die motor klim om die 'schöne Kätzchen' te gaan streel nie. Leeu se kind sal hom mos nooit laat troetel nie, al is dit ook van 'n operaster. Ons het ons tyd verspeel en om betyds terug te wees vir die volgende opvoering kies my broer Kobus, wat bestuur het, kortpad en jaag dat die stof so staan op die ou gruis-wapad. Ek sien en hoor nog vir Suna met haar serp oor haar hele kop getrek: 'Meine Stimme! Ich werde niemals wieder singen!' Maar gesing het sy weer, bosveld-stof of te nie.

Suna was so ingenome met Suid-Afrika dat sy hier weg is as nog 'n goeie ambassadeur vir ons land. Sy het egter daad by die woord gevoeg en deur haar is Neels Hansen na Turkye genooi om daar opera af te rig. Dit was egter nie al nie. Ons hou daarvan om besoekers uit die buiteland voor te stel aan ons Suid-Afrikaanse musiek. Suna het dadelik verlief geraak op S le Roux Marais se liedere. Sy wou opsluit sy bladmusiek hê. Ai, wat 'n geskarrel, en toe moes die tekste nie net vertaal word nie, maar foneties uitgeskryf word. Hoe wonderlik en byna ongelooflik dat van hierdie liedere in Suna-Afrikaans in Turkye





Suna Korat as Violetta in *La Traviata* van Verdi (foto: Truk)

gesing is. Die bewys hiervan? 'n Brief uit Istanbul waarin Suna vra vir 'n foto van S le Roux Marais, want die Turke wil sien hoe hy lyk.

Wanneer ek kyk na nog 'n fraai Kerskaartjie, op fyn sy gedruk, dan dink ek terug en wonder darem of dit nou regtig oor Pakkie se pak slae of dalk oor die 'Ist gut'-biefstuk wat verlore was dat Suna daardie dag so gehuil het.



# GÉ KORSTEN

Ons sit op die stoeptreetjies en luister hoe Joseph Sprenkels voorsing. 'Haai, jong, daardie ou sing goed. Wat dink jy, staan ek 'n kans vir die rol?,' en Gé kyk my vraend aan.

Die Pretoriase Operagroep het in 1956, na hulle stigting die vorige jaar, besluit om *Pagliacci* van Leoncavallo op te voer, en het na sangers gesoek.

Gé het wel die rol gekry, en daar op die klein ou verhogie van die Pretoriussaal op die eerste vloer van die Pretoriase Stadsaal het hy sy uiters suksesvolle operadebuut gemaak.

*Pagliacci* en die *Nuwe Dominee*, wat spesiaal deur Peter Rorke gekomponeer is, het musiekliefhebbers getrek, en aand vir aand was die saal gepak. Gé se groot aria, 'Vesti la giubba', het die gehoor aangegryp. Hy het hom so ingeleef dat arme Charlé Albertyn, wat die rol van Nedda gesing het, so realisties aangeval is dat ek byna seker is daar was 'n blou kol of twee.

Die rol van Tonio is gesing deur Denis Reinecke, later direkteur van Truk. Sy weergawe van die Proloog was 'n treffer, en toe ek eendag vir hom sê: 'Denis, weet jy, ek onthou nog hoe goed jy die rol gesing en gespeel het,' het ons heerlik in 'n walm van nostalgie teruggedink aan die dae van planne maak, van alles self doen, van bedel by firmas, van dekor bou en verf, van uitjaag in die veld om gras te sny en van kostuums ontwerp en maak – tog was die vreugde van sukses te behaal ons beste herinnering.

Ek moes die kostuums vir *Pagliacci* ontwerp, en na baie navorsing het ek besluit om Pagliacci se kostuum van streepmateriaal te maak. Die kostuum wat al die beroemdes gedra het is nie dié van Pagliacci nie – dis van Pierrot. Pagliacci was altyd in die *commedia dell'arte* in matrasoortreksel aangetrek – die woord 'paillasse', Frans vir matras, en 'paljas' (nar) in Afrikaans dui daarop.

Elna, Gé se oulike vroutjie, het vir hom 'n pragtige streepkostuum gemaak ... maar, o wee, die kritikusse het anders gedink.

Die *Nuwe Dominee* was prettig, en het ook 'n sangster opgelewer. Dit was die debuut in die operawêreld van Hans van Heerden, in die rol van die burgemeester.

Gé het in die daaropvolgende aanbiedinge van die Pretoriase Operagroep elke keer die tenoorrolle gesing. Gou was hy oral oor die hele land in aanvraag.

Waar het hierdie sanger vandaan gekom? As seuntjie saam met sy ouers uit Rotterdam in Nederland, maar ons eerste kennismaking was in Pretoria. 'n Oproep uit die Kaap het vertel van hierdie jong paartjie wat na Pretoria verhuis. 'Man,' sê die vriendin, 'die ou kan sing, hoor. Hy het so hier en daar gesing, en was vroeër in



Johannesburg lid van die Minnesangers saam met Mimi Coertse, Philip Markgraaf, Jan Schutte en Douwlina Grobbelaar. Skakel hulle tog in in die musiekkringe.'

Ons het 'n klompie musiekvriende oorgenooi – ek onthou dat Helena Strauss, Rita en Louis Knobel, die bekende bariton, die Lewalds en nog ander daar was. Daardie aand het Gé seker die heel eerste keer in Pretoria voor mense gesing. Ons het almal besef dat hier 'n stem was wat nog baie gehoor sou word.

Gé het aanvanklik baie hard gewerk om sy besigheid as elektriese kontrakteur te laat slaag. Soggens dou voor dag het hy al singende met oop vensters na sy besigheid gery. Menigmaal het ons hom vroeg-vroeg op kantoor geskakel om hom geluk te wens met die vorige aand se opera-optrede. Dan was hy al volstoom aan die werk, terwyl sy medesangers waarskynlik nog heerlik aan die slaap was. Van albei hierdie loopbane het Gé 'n sukses gemaak.

Aanvanklik was Gé 'n hoë bariton, maar Albrecht Lewald het die stem uitgebou sodat hy die tenoorregister bemeester het. Tenore is skaars, en as een 'n mooi stem het en boonop nog aantreklik is, dan lê die wêreld vir hom oop. Nie net getroude vroue het aan sy lippe gehang nie, maar ook die jonges. Een dag toe hy as jong sanger in die Onderwyskollegesaal gaan sing het, onthou ek nog goed. Toe hy 'Core 'n grato' met groot hartstog sing, fluister een van die damestudente aan haar maat: 'Hy laat die water in my knieë kook.' Hierdie heldeverering het deel van sy lewe geword.

Op die verhoog het Gé hom so in sy rolle verdiep dat 'n paar interessante dinge gebeur het. Een aand in 1960, op die verhoog van die Aula van die Universiteit van Pretoria, het iets so mooi plaasgevind dat baie mense dit vandag nog onthou. Die ligte het verdof – net die lanterntjie het gebrand. Terwyl Gé as Pinkerton en Saline Koch as die brose Madama Butterfly die pragtige emosie-belaaide liefdesduet sing, raak Gé so begeesterd dat hy haar in sy arms opraap en indra in die huisie. Mens kon die meelewing van die gehoor aanvoel – sekerlik een van die romantiesste eindes van die liefdesduet – en om te dink dat Puccini, wat so baie toneelaanwysings ingeskryf het, nie hieraan gedink het nie. Ek wonder wat die komponis sou gesê het van 'n latere opvoering waar Gé, weer as Pinkerton, die sterwende Butterfly in sy arms gehou het.

Dan was daar die onvergeetlike swaard-episode in *Carmen* waarvan daar ook in die Marina de Gabarain-skets vertel word. Net weer in 'n neutedop die storie. Gé in sy opgewondenheid het in die rusie-toneel met Carmen haar hare só hard getrek dat sy trane in haar oë gekry het. Marina het hom toe met die volgende opvoering terugbetaal deur sy swaard ver buite sy bereik weg te gooi – daar moes hy toe kaptein





Gé Korsten as Edgardo in die laaste bedryf van *Lucia di Lammermoor* van Donizetti, 'n aanbieding van die Pretoriase Operagroep (foto: Dotman Pretorius)



Zuniga met kaal vuiste aandurf in 'n swaardgeveg, terwyl die gehoor proes van die lag. Daardie benoudheid op sy gesig toe hy al singende na sy swaard soek, sal mens seker altyd onthou.

Die laaste toneel waar die verslonste José vir Carmen doodsteek, het Gé met die openingsaand só wonderlik gespeel en met sulke diep aanvoeling gesing dat Jeremy Schulman, wat gedirigeer het, ná die opvoering op die verhoog sy arms om Gé geslaan en met trane in sy oë gesê het: 'My boy, you have moved me tonight.' Vir my wat by was, is dit een van die mooiste operaherinnerings.

In 1961 het die Pretoriase Operagroep 'n baie geslaagde *Lucia di Lammermoor* van Donizetti opgevoer met bekende sangers soos George Fourie as Lord Ashton, Sylvia Carlisle as Lucia, Hans van Heerden as die priester en Gé as Edgardo. Vir die fonteintoneel het ek vir Lucia 'n ragfyn, lang stola in die kleur van die Skotse heide by haar lang rok ontwerp. Gé was deurgaans in swart fluweel geklee, want volgens die verhaal rou hy nog steeds oor sy gestorwe vader. Dis mos toe een aand dat Gé in sy vurige liefdesverklaring in die lang stola verstrengel raak. Al singende het die ervare Sylvia dit ongemerk losgewikkel.

Toe Truk in 1964 *Lucia di Lammermoor* met Mimi Coertse as Lucia aangebied het, het die Italiaanse tenoor Antonio Annaloro gekom om Edgardo teenoor haar te sing. Skaars het hierdie 'operaheld' grondgevat of hy het oornag net skelmpies verdwyn! In die grootste haas is daar na Gé gesoek om tog groot asseblief die rol te kom sing. Hy het die rol drie jaar tevore laas gesing, maar het ingewillig. Daardie eerste aanbieding in die Stadskouburg in Johannesburg sal ek nooit vergeet nie. Ek het bo in die beligtingshokkie aan die kant van die verhoog gesit, en kon alles sien wat aangaan.

Oral op die verhoog was souffleuses weggesteek om vir Gé die woorde voor te sê. In die laaste bedryf het een van hulle met 'n flitslig binne in die grafkelder geskuil. Nog nooit het ek 'n Edgardo so aan die suil van die graf sien vasklou soos daardie aand nie. En ek weet nie of ek my verbeel het nie, maar daar het sekerlik 'n paar 'chocolatos' of iets dergeliks opgeklink. Die toejuiging wat hy ontvang het vir sy eerste optrede vir Truk was welverdiend. Hy was mos die held van die aand.

Gé het baie opera gesing. Vir Truk het hy die tenoorrolle in die volgende operas en operettes gesing: *Faust* van Gounod (1964 en 1977); *La Bohème* van Puccini (1965 en 1976); *Il Trovatore* van Verdi (1964 en 1966); *The Bartered Bride* van Smetena (1966); *Madama Butterfly* van Puccini (1967, 1968 en 1978); *La Traviata* van Verdi (1968 en 1971); *Lucia di Lammermoor* van Donizetti (1964 en 1974); *Die Fledermaus* van J Strauss (1975 en 1978); *Janufa* van Janáček (1976 en 1979); en *Merry Widow* van Lehár (1977 en 1983).





Gé Korsten as Pinkerton en Nellie du Toit as Butterfly in Puccini se opera *Madama Butterfly* wat in die Aula deur die Pretoriase Operagroep aangebied is (foto: Dotman Pretorius)



Gé het vir al die ander Rade vir die Uitvoerende Kunste opgetree – te veel om te noem. Hoe dikwels het hy nie die aand in Pretoria gesing nie, die volgende oggend vroeg 'n vlug na Durban gehaal om die aand daar te sing, en dan weer terug na Pretoria gevlieg vir nog 'n aanbieding.

Tydens die opening van die Stadskouburg in Johannesburg het hy die hoofrol in die *Verhale van Hoffmann* van Offenbach vertolk. Dit was 'n uitstekende aanbieding. Mimi Coertse het geskitter en al drie rolle vertolk, met Gé as 'n uitmuntende Hoffmann.

Hierdie optrede het aan hom 'n studiebeurs besorg. Hy is oorsee en vir nege maande het hy 'n verdere studie van opera gemaak. Kontrakte in Düsseldorf, Hannover en Zürich is hom aangebied, maar hy wou terug na sy vaderland.

Intussen het hy ligte liedjies begin sing, en een na die ander Sari-toekenning ingepalm vir sy plateverkope. Ook 'n nominasie vir die Midem het na sy kant gekom, en selfs 'n Artes-beeldjie staan iewers tussen al die toekennings wat die Nederburg-prys en goue plate insluit.

Die rolprentmedia het hom geannekseer en verskeie rolprente met hom is vrygestel – party waarmee hy self ook bietjie saamgespot het by nabetragting, soos waar hy as die blinde dokter so rondtas terwyl die stroopsoet klanke van 'So deep is the night' in die agtergrond speel.

Frans Marx het hom opgekommandeer. 'Nee kyk, Gé, jy is net reg vir die rol van 'n ryk sakeman, so effens grys by die slape,' en net daar na 'n kritiese ontleding moes Gé besluit of hy die rol in die eg Suid-Afrikaanse sepie *Egoli* sou speel.

Gé en Elna se huise was nog altyd so smaaklik gemeubileer, maar verniet sou jy vra wie die binnehuisversierder was, want die antwoord sou wees: 'Ag, nee wat, ons doen dit sommer self.'

Hulle vyf kinders is vandag almal gevestig, maar die musiekmantel het op Gérard geval. Nie net is hy 'n uitstekende violis nie, maar hy blink uit as dirigent. As jong student in Salzburg het hy die dirigeerstokkie by die bekende Sandor Vegh oorgeneem. Tans tree hy in Suid-Afrika op, sowel as in die buiteland.

Toe ek laas met Gé gesels en ons heerlik in die verlede gekuier het, het ek hom gevra watter tydperk in sy lewe, wat so vol allerhande fasette en ryk ervarings is, vir hom besonders was. Sy antwoord was: 'Weet jy, daardie vormingsjare toe ons alles gegee het net om opera te kan sing, was vir my die opwindendste tyd ... ek hoef nie vir jou te sê nie dat my eerste liefde tog maar die opera is.' En ek het geweet dat hy eerlik was, want as 'n mens hom sou vra om iets wat hom na aan die hart lê te sing, sal dit heel waarskynlik 'Nessun Dorma' uit *Turandot* van Puccini, of 'Amor ti vieta' uit *Fedora* van Giordano wees.



# PHILIP MCLACHLAN

Tikketik ruk-ruk die wiele op die spore. Ons is nog almal aan die lag vir die toepaslike 'Ikke Rikkere'-kennisgewing (nie rook nie) in die kompartement van die trein op pad na Geilo, noord van Bergen in Noorweë, toe daar skielik voor en diep daaronder ons die fjords met hulle hoë rotswande en uitgehapte inhamme lê. Wat 'n ongelooflike toneel!

En ek is terug in my kleintyd – ek sit langs Pappie op die klavierstoeltjie waar hy 'Oggend' van Grieg speel. Ek hoor weer hoe hy die verhaal van Peer Gynt met dramatiese effek en die nodige musiekillustrasies vertel. Terwyl ek hierdie onvergeetlike tonele probeer vaslê, hoor ek in my verbeelding die tere lied van verlange van Solveig. Ek is sommer ver weg.

'Is dit nie asemrowend mooi nie,' sê ek. 'Ja, dis pragtig, maar weet julle wat is vir my die allermooiste iets op aarde? Mooi vetblink rooi Afrikanerbeeste op 'n groen veld.' En met hierdie stelling bring Philip McLachlan my terug aarde toe. Vandag nog wanneer ons mooi rooi beeste op 'n groen land sien, dan sê ons tegelyk 'Philip'.

Ons eerste ontmoeting met hierdie merkwaardige man en sy Helen was in Engeland. Hy was die ontvanger van 'n Carnegie-beurs en het vir verdere studie in die onderrig van skoolmusiek na Londen gegaan. Daar het ons hom ontmoet en onmiddellik aanklank by mekaar gevind – in so 'n mate dat ons daar en dan besluit het om saam te gaan toer in Skandinawië.

Aan pret het dit nie ontbreek nie. Die eerste oggend in Stockholm se hotel sit ons aan die ontbyttafel en wag en wag dat ons bedien moet word. By die tafel langs ons sit 'n Engelsman wat toe net klaar geëet het. Met 'n glimlag kom hy aangestap en gooi 'n tydskrif op ons tafel neer: 'Let me tell you, you'll need this!' Na nog 'n lang gewag kom ons bestelling – ons het eiers bestel, want in naoorlogse Engeland was eiers, soos die meeste kossoorte, gerantsoeneer – so iets soos vier eiers per persoon per maand. Ek wens dat ek die uitdrukking op Philip en Etienne se gesigte kon vasgelê het: want daar voor ons staan 'n bak met twintig gekookte eiers!

As ek deur die foto-album blaai en Philip sien sit op een van daardie Skandinawiese hoë troontjies om sy skoene te laat poets, kan ek byna nie glo dat ons as volwassenes verspot genoeg kon wees om net daar en dan die kinderspeletjie 'King of the castle' te speel nie.

Deur al die jare het ons kontak behou, en die besoek van die Stellenbosse Universiteitskoor was altyd 'n hoogtepunt op die kalender. Een aand by Unisa hier in Pretoria sal ek nooit vergeet nie. Philip, wat altyd die repertorium van die koor uitgebrei het, het daardie aand die werk 'If you receive my word' van die komponis Knut



Nystedt laat sing. Die lied begin 'My son, my son ...'. Ek was diep geraak deur hierdie, vir my toe onbekende werk se uitvoering ... so erg dat ek my by die onthaal na die konsert eenkant gehou het.

Philip was omring van oudkoorlede, almal gretig om geluk te wens en een of ander iets uit hulle vroeëre jare van sing onder sy besielende leiding te vertel, of om hom in te lig oor hoe goed hulle eie kore vaar en gretig om gou-gou nog 'n wenkie of twee by hom af te dwing.

Skielik, soos dit soms gebeur, was daar 'n opening en Philip kom vinnig na my toe. Sonder om hom geluk te wens, sê ek net, 'My son, my son', en net daar gaan sit Philip in sy swaelstertpak en ek in my aandgewaad plat op die vloer. 'Joubero, weet jy wat? Net toe die koor die eerste noot vat, en ek weet dit gaan 'n puik voordrag wees, flits dit deur my brein "Wat gaan Joubero daarvan sê!"' 'n Onvergeetlike, magiese oomblik.

Om Philip se bydrae om koorsang se standaard in Suid-Afrika te verhoog, te beskryf kan mens maar net in die oortreffende trap praat. Net soos by die vermeerdering van die brode, het gawes van kooropleiding en koorwerkinstudering uit sy musiekmandjie net bly aangroei. Sy koorlede het aan sy lippe gehang en vandag as jy begin uitvra na koorleiers van goeie kore se agtergrond, dan kom Philip se naam onmiddellik na vore.

Sy werkmetodes met koorafrigting was ernstig maar terselfdertyd prettig. Hoe goed onthou ek die eerste Philip McLachlan-koorkursus wat die Ad Libitum-koor hier in Pretoria aangebied het. Om die mans touwys te maak hoe om 'n goeie falsetto te sing, demonstreer Philip en lyk toe so onnosel toe hy oopmond sy kaak laat val dat party koorlede uitbars van die lag. 'Toemaar,' kom dit van Philip, 'ek weet ek lyk soos 'n swaap, maar as julle 'n mooi gedrae klank wil hê, gaan julle sommer gou-gou almal soos swape lyk.'

Hyself het voortdurend sy eie opleiding verskerp deur dirigeerklasse van die beroemde Kurt Thomas by te woon toe die kursusse onder beskerming van die Universiteit van Stellenbosch aangebied is. Maar in 1961/62 tydens een van sy studiereise het hy die besondere voorreg gehad om koorwerkwinkels van die baie bekende Roger Wagner in Amerika by te woon.

Hoe heerlik kon Philip nie vertel nie hoe hierdie groot, fris man vol humor sangers kon teregwys sonder om vyande te maak. 'Hy sê mos toe een aand vir een van die dames wat te skerp gesing het: "Be careful, somebody's blowing a tonsil."' en Philip lag lekker by die herinnering daaraan.

Dat Philip hom in die musiekwêreld bevind het was ook maar toeval. As kind van die skoolhoof op Joubertina het hy grootgeword in 'n huis waar hy dikwels duette saam met sy moeder gespeel het. Sy eintlike belangstelling was in die natuurwetenskappe en aan die Universiteit



van Stellenbosch het hy eers die Bsc-graad en later, in 1942, die MSc-graad in Soölogie behaal.

As student het hy vir die pret klasse aan die Konservatorium bygewoon, en in 1936 was hy 'n stigterslid van die Universiteitskoor onder William Morris. Geen wonder nie dat die dag toe hy sy fraaie bruid, Helen, in die kerk tegemoetgaan, die koor die troulied uit *Lohengrin* van Wagner só wonderlik gesing het dat mense soos Duxie Joubert dit vandag nog onthou.

Ai, en wat 'n voordanser was hy nie. Die einste Duxie vertel van die *terpsichord*-klasse wat hulle bygewoon het, waar hulle in volledige aanddrag met handskoene en al die Weense walse leer dans het, en Philip nes 'n stout skoolseun skelmpies 'n *foxtrot*-stappie ingegooi het in die wals wanneer die leermeester nie gekyk het nie.

Die jaarlikse Sangfeeste, 'n ware tradisie in die Eikestad, is ook in 1944 deur Philip geïnisieer terwyl hy aan die Paul Roos-gimnasium onderwys gegee het.

In 1945 het hy na Graaff-Reinet gegaan as dosent in Natuurleer en Skoolmusiek. Gou was daar in hierdie skilderagtige plek weer lewendige belangstelling in koorsang. Philip het egter besef dat die onderrig van skoolmusiek 'n belangrike deel moet uitmaak van elke leerling se opvoeding op skool. Sy hele lewe het hy verder daaraan gewy en na sy studies in Londen het hierdie entoesiastiese voorstander van musiekonderrig in 1954 'n pos as senior lektor in Natuurwetenskap en Skoolmusiek aan sy geliefde alma mater aanvaar. Later sou hy professor in Skoolmusiek word.

Skaars was hy in Stellenbosch terug of prof Gawie Cillié het sy dirigeerstokkie van die Universiteitskoor aan Philip oorhandig.

Die statuur en gewildheid van die koor het toegeneem. Die standaard wat Philip gestel het was só hoog, en hy het sy sangers só sorgvuldig gekies, dat dit naderhand as 'n groot eer beskou is as jy 'Prof Flip' se koor gehaal het.

Elke jaar het die koor toere onderneem. Van die oorsese toere het by Philip blywende indrukke gelaat. Die toer na Frankryk het heelwat probleme opgelewer – dit was in Junie 1976 tydens die Soweto-onluste. 'Ons het gehoor dat op die stasie Mont-Saint-Michel waar ons moes afklim daar betogers saamgedrom het,' vertel Philip. 'Mnr Thirion was ongelooflik. Op die stasie voor ons bestemming het hy vinnig op die trein gespring en ons aangesê om ons kleurbaadjies uit te trek en almal Engels met 'n dik Amerikaanse aksent te praat. En glo my,' lag Philip, 'dit het gewerk.'

In Portugal tydens 'n koorfees waaraan sestien lande deelgeneem het, het 'n toneeltjie afgespeel wat hom diep geraak het. Psalm 42 sou eers nie gesing word nie, maar soos so dikwels wanneer Philip op ingewing gehandel het, het die wonderlike gebeur. Die koor het daar in die Gulbenkian-saal in Lissabon die harte met





Philip McClachlan in aksie tydens 'n koorwerkwinkel





hierdie psalm verower. Na die tyd het 'n dirigent uit Suid-Amerika na Philip gekom en met trane in sy oë voor hom kom staan, die eerste strofe gesing, sy hande soos in 'n gebed bymekaar gehou, en gefluister 'Religioso magnifico'. Vir Philip seker een van die skoonste oomblikke, want soos hy eendag vir my gesê het: 'Wanneer ek weet dat die band van my na die koor, en ons beide se bande na bo reik na God, soos in 'n driehoek, dan weet ek dit is die volmaakte oomblik.'

Na Philip se eerste beroerte-aanval was ons in Stellenbosch en toe ons by Noordwal 11 aanklop, val Helen ons om die nek. 'Julle kom asof julle gestuur is. Philip het 'n slegte nag in die hospitaal gehad en is diep terneergedruk.' By sy siekbed aangekom was daar 'n oomblik van hartseer toe hy sê, 'hoe broos is die mens', maar soos 'n ware troeper kom dit, 'hierdie kant werk nog!'

Algaande het sy toestand verswak. Tog het hy in 'n brief geskryf: 'Ek vra myself: sou jy graag hierdie tyd van swaarkry en frustrasie wou vryspring – en dan weet ek, *nee*, die geestelike verryking kon ek onmoontlik verbeur het. Soos dr Izak van Niekerk, van Namakwaland, kan ek ook sê "O salige verbryseldheid".' Hy wat op so baie rade, komitees en dies meer gedien het, moes noodgedwonge die tuig neerlê. Dit het hom meer ontstel as wat hy wou voorgee, en toe hy die laaste keer in Pretoria kom kuier het, was dit vir my belangrik om 'n program met hom te maak. Maar hoe gemaak: al daardie trappe sou miskien net te veel wees vir hom.

Ek ry toe met Philip en Helen om die SAUK-gebou hier in Pretoria en daar aan die agterkant, by die TV-lokale, sien ek 'n groot oop skuifdeur so 'n bietjie meer as deurhoogte. Wat nou gemaak? Twee planke het skuins tot by die skuifdeur gelê. 'Hoor hier, ouens, hoe lyk dit, sal een van julle nie hier vir my inry met Philip McLachlan nie?' Miskien was hulle uit die veld geslaan, maar so teen die twee skuins planke kon ek hom binnekry. Om die situasie 'n bietjie op te vrolik neem ek toe 'n foto – vandag vir my iets kosbaars.

Die opname het goed verloop en by die huis aangekom het Philip iets gedoen wat ek altyd sal onthou. Met sy gesonde arm het hy my teen hom aangedruk en gesê: 'Dankie, baie dankie dat jy my nie verbygegaan het nie.'

Op 21 Februarie 1983, die dag voor sy program uitgesaai sou word, lui my foon. 'Joubero, het jy 'n ander program gereed? Philip lê op sterwe en ons dink nie hy sal môre nog lewe nie.' Daar was 'n ander program gereed, maar tot vandag toe weet ek nie hoekom nie, maar ek pleit by hulle om die program uit te saai, want ek het geweet Philip is bewus daarvan dat dit uitgesaai sou word.

Die volgende aand sit my dogter en ek bymekaar en luister na Philip se program, want hy het nog geleef. Net toe die Uni-





versiteitskoor onder sy leiding Psalm 42 sing en by die woorde 'wanneer sal ek na swerftog en benouing, God weer sien in klare aanskouing' kom, kyk ons vir mekaar en sê: 'Nou sterf Philip.' En so was dit ook. 'n Groot hartseer het in my hart kom lê, maar toe sê my dogter iets wat so mooi en waar was: 'Toemaar, Mamma, onthou almal wat oom Philip liefgehad het, het geluister. Hy is uitgedra op 'n reusegolf van liefde.'

Vandag bly dit nog steeds vir my 'n wonder dat dit vir my beskore was om hom op so 'n beskeie manier te kon begelei op sy uitvaart.



# EMMA RENZI

'Kyk, Tannie, dis my oupatjie s'n', en ons driejarige dogtertjie kom staan voor Emma Renzi en kap-kap met my oorlede vader se valstande opmekaar. Hoe op dees aarde sy die doos met 'n klompie persoonlike items oopgekry het weet nugter, maar duidelik trots op haar oupatjie se nalatenskap het die gesiggie gestraal. Ek hoor nog Em se geamuseerde lag met die oorvertel.

Sy was op besoek in Suid-Afrika om die rol van Amelia in Verdi se *Un Ballo in Maschera* te sing met die opening van die Stadskouburg in Johannesburg in 1962.

In die dae toe Emmerentia Scheepers 'n skooldogter in Heidelberg was, was daar 'n lewendige belangstelling in musiek en verwante kunste in hierdie Transvaalse dorp. A G Visser, die digter, het musiekaande gereël, terwyl mense soos Irma Wedepohl en Stephen Eyssen enorme bydraes gelewer het. Die Orpheumkoor en -orkes het gereeld opgetree en operettes en kantates is opgevoer.

Em se ouers, Oom Skip, 'n bekende onderwyser, en sy kunssinnige vrou, Louise, het besef dat Em oor besondere talent beskik, want was sy dan nie 'n voorsinger in die skoolkoor nie, en het sy dan nie uitstekend klavier gespeel nie? Na haar matriek, met vyf onderskeidings, het hulle hul enigste kind na die Kollege vir Musiek aan die Kaapstadse Universiteit gestuur. Eienaardig genoeg was klavier onder leiding van prof Erik Chisholm aanvanklik haar hoofrigting. Later het sy oorgeslaan na sang. In 1948, met die BMus-sertifikaat (cum laude) in haar sak, vertrek sy per boot na Engeland om haar studies voort te sit aan die Nasionale Operaskool van Joan Cross.

As Em oor haar jare in Engeland praat, is die eerste wat sy sou sê: 'Ek het wel baie geleer, en ek het wel in die Carl Rosa-operagroep en later in Benjamin Britten se Engelse-operagroep gesing, en nogal sukses behaal as die Goewernante in sy *Turn of the Screw*, wat ons in Londen en Parys opgevoer het, maar hulle wou hierdie groot stem in 'n vuurhoutjiedosie inprop. Ek het gevoel daar is 'n dramatiese stem iewers in my versteek, en hier moes ek net mooi, soet koergeluide maak.'

Ten spyte van haar bedenkinge het sy tog in Genève in hierdie jare 'n derde plek in 'n Internasionale Sangkompetisie behaal – Teresa Berganza was tweede. In 1957 is sy gekies om op te tree met Mozart-arias tydens die Edinburgh-fees. Die dirigent was Karl Haas. Daar is selfs 'n plaatopname van Mozart- en Haydn-arias gemaak.

Haar eintlike ontwikkeling as dramatiese sopraan het sy te danke aan die beroemde leermeester Maestro Santonocito wat in Sicilië in die stadjie Catania met sy rooidakpanhuise les gegee het. Hier was Em in haar element, maar iewers moes daar vir





haar 'n sangloopbaan gevind word. Die Badische Staatsoper in Karlsruhe maak toe sy deure vir haar oop, en Em maak haar Duitse debuut as Sieglinde in *Die Walküre* van Wagner in 1961.

Met die verstryking van haar kontrak neem Em twee gewigtige besluite: die eerste, om die Mekka van alle operasangers, Milaan, haar tuiste te maak; die tweede, om die lang naam Emmerentia Scheepers, wat vir meeste mense in Europa Grieks was, te verkort na Emma Renzi.

Operasangers in Italië word nooit permanent aangestel nie, en dan hou die operahuise ook daarvan om voorkeur aan Italianers te gee – sekerlik 'n opdraande stryd vir 'n buitelander. Em is egter genooi om in provinsiale huise op te tree, en met haar Italiaans-geskoolde stem het sy gou opgang begin maak.

In Suid-Afrika, met die Streekrade se stigting, het die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (Truk) onthou dat Emma Renzi 'n vonds was met die opening van die Stadskouburg in Johannesburg toe sy in *Un Ballo in Maschera* gesing het. Die keuse vir die heel eerste opera wat Truk in 1963 sou aanbied was *Tosca* van Puccini met Emma Renzi in die hoofrol. Scarpia was ons eie George Fourie, en Cavaradossi is gesing deur Giuseppe Campora.

Ek het destyds gereeld kostuums vir die Pretoriase Operagroep ontwerp, en is toe deur Truk genader om 'n ogie oor die kostuums vir *Tosca* te hou. So het ek op 'n dag 'n paar skoene wat by die periode sou inpas, gaan soek. Die stad was soos 'n miernes – parkeerplek was so skaars soos reëndruppels in die Kalahari. Ten einde raad hou ek met my kewertjie stil op 'n laaisone, wel wetende dat ek 'n kaartjie sou kry. Gou skryf ek op 'n papiertjie: 'Liewe meneer Verkeersman, Mooi dag, nè? Ek het nou oral vir parkering gesoek, en Tosca móét skoene kry. Dankie.' Toe ek terugkom, ja, gelukkig met die skoene, sien ek die briefie is dubbel gevou. Ek maak dit oop net om te lees: 'Enigiets om Tosca te help. Mooi loop.' Drie dae later is ek weer naarstiglik op soek na parkering – Tosca moes 'n fluweelmantel kry. Gelukkig sien ek 'n verkeersman, en met 'n Kaapse draai hou ek so naby aan hom stil dat sy broekspype wapper. 'Goeie môre, meneer, weet u, ek is nou al drie maal om die blok maar ek kry nêrens parkering nie. Wil u nie asseblief vir my gaan parkeer nie, want sien, Tosca móét 'n mantel hê.' Ek sien nog hoe hy sy pet met sy duim agtertoe stoot, sy kop skud en sê: 'Ag nee, tog nie wéér Tosca nie!'

Weer eens was Em se optredes in *Tosca* uit die boonste rakke. Die gevolg was dat sy in 1964, 1965 en 1966 genooi is om in Suid-Afrika op te tree. Dit was veral as Abigaille in *Nabucco* van Verdi dat sy uitgeblink het. En hoe wonderlik dat dit juis in hierdie rol was dat sy haar La Scala-debuut in 1967 gemaak het.

Met haar terugkeer uit Suid-Afrika na haar



Emma Renzi en George Fourie as Tosca en Scarpia in Truk se eerste aanbieding van Puccini se opera *Tosca* in 1963 (foto: Truk)



woonstel in Via Vipacco in Milaan breek 'n nuwe lewe en loopbaan vir haar aan. Sy word deur La Scala genader om as dubbelsanger saam met die Griekse sopraan Elena Suliotis die rol van Abigaille in *Nabucco* te vertolk. So word sy toe op die 1ste Januarie 1967 die eerste Suid-Afrikaner om 'n hoofrol in La Scala te sing.

Hoe het sy op daardie aand gevoel? 'Dis nogal 'n belewenis. Mens raak baie senuweeagtig wanneer jy voor 3 500 mense wat almal kenners van opera is, moet optree. Die grootste nagmerrie is dat jy nie jou beste vir hulle sal kan lewer nie. Van die vloer tot by die sewende ry vergulde loges, en verder tot by die staanplekke, beskou elkeen homself 'n connoisseur van stemme en tegnieke, en die hemel help jou as jy nie goed sing nie. Hulle beskou dit as hulle reg om jou uit te jou en sommer dood te skree!' Dit was juis in La Scala dat Maria Callas dit gewaag het om terug te skree toe die gehoor haar begin uitjou het.

Emma Renzi het egter geseëvier, want sy het vir haarself gesê: 'Hier is jou kans – toe, maak 'n sukses daarvan!' Sy sou hierdie rol in dertien seisoene sing, nie net in Italië nie, maar ook in Kanada, Switserland en Spanje. In Barcelona in Spanje het José Carreras as Ismaele sy operadebuut gemaak met Emma Renzi in die rol van Abigaille.

Deure het nou oral oopgegaan vir hierdie nuwe en opwindende dramatiese sopraan. Van oral het uitnodigings gekom, en waar het sy nie oral gesing nie! By die Montreal-Expo, in Rome, Zürich, Bordeaux, Lissabon, Palermo, Meksikostad, München, Bologna, Parma, Washington, Malaga, Barcelona, Ankara, Buenos Aires, Graz en selfs Rijeka – en dan is al die plekke nie eers genoem nie.

Een van die operahuise in Italië wat die meeste sangers totaal intimideer as hulle daar moet sing, is dié in Parma. Die gebied is bekend daarvoor dat hy die mees kritiese gehore in die hele Italië het. Hulle operasnobisme is seker daaraan toe te skryf dat so baie groot kunstenaars hier getoë is. Verdi, Toscanini, Renata Tebaldi, Carlo Bergonzi en Mirella Freni kom almal hiervandaan. Om in Parma vereer te word, wil gedoen wees. Tog het Emma Renzi die gehore daar tydens die 1973-, '74- en '75-seisoen aan haar voete gehad. Met haar skitterende vertolkings van Lady Macbeth uit Verdi se *Macbeth* was hulle so beïndruk dat hulle die gesogte Verdi D'Oro-medalje vir die beste Verdi-sanger van die seisoen aan haar toegeken het. In 1976 het hierdie gemeenskap haar verder vereer met die Parma Lirica-medalje.

Die Kennedy Center in Washington het verneem van haar optrede in *Macbeth*, en so is sy na Amerika om saam met die vir ons ook bekende Cappucilli en die tenoor Ottavio Garaventa op te tree.

Turandot het een van haar beroemde rolle geword. In agtien verskillende operahuise het sy hierdie veeleisende rol vertolk. In



Ankara het oorlog in 1967 tussen die Turke en Grieke gedreig, maar Em het haar nie laat afskrik nie. Sy het die rol van Turandot so goed vertolk dat die Staatspresident haar na sy loge ontbied het sodat hy haar persoonlik kon gelukwens.

In 1970 het La Scala *Turandot* aangebied. Birgit Nilsson, wat vir baie jare diė Turandot was, het die rol met Emma Renzi gedeel. Em het die rol so uitstekend vertolk dat sy met reg beskou is as een van die beste Turandots in die wêreld – geen wonder dus dat La Scala haar genader het om in 1974 ter ere van die herdenking van Puccini se sterfjaar die rol te herhaal, onder leiding van Zubin Metha. In 1974 was Puccini vyftig jaar oorlede en Emma Renzi was ook die keuse om in die Teatro All'Aperto in Torre del Lago, naby Lucca waar Puccini gewoon het, die rolle van Turandot en Tosca te vertolk.

Die laaste Turandot-optrede in 1977 in Trapani in Sicilië sal Em seker vir altyd onthou, want wat maak 'n mens nou, dat terwyl jy in die laaste bedryf van vurige hartstog sing, die romp van jou kostuum tot op jou voete afgly? Jy trap versigtig uit jou romp en maak toe sover jy kan met die lang Sjinese moue, en as die ligte verdof na die liefdesduet, fluister jy vir die tenoor: 'Calaf, gee my romp – gou asseblief.' Toe die ligte aangaan vir die buigings was Turandot darem fatsoenlik geklee.

Tydens Em se besoek aan Suid-Afrika in 1978, toe sy 'n uitgebreide konserttoer saam met Hennie Joubert as begeleier onderneem het, is sy genader om as leermeester na Suid-Afrika terug te keer. Sy was die ideale persoon om jong sangers in opera op te lei. Die saadjie het op vrugbare aarde geval, maar nog 'n groot eerbetoon in Italië het eers op haar gewag. Sy is gevra om die rol van Elena in *Mefistofele* van Boïto in die amfiteater van Verona, waar net die beste sangers optree, te sing.

Om 'n opvoering in hierdie eeuoue amfiteater by te woon is 'n fees, amper soos 'n rugbywedstryd. Vroegmiddag al begin jy toustaan. Voor jou, langs jou en agter jou daag gesinne op met swaarbelaaide mandjies vol kos. As jy gelukkig is, kan jy dalk die voorreg hê om saam te peusel, maar wat my beïndruk het, is dat die kinders met librettoboekies sit en die paar woorde wat hulle nie ken nie, memoriseer. Na al die geskree van 'Gelato, gelato' (roomys) opgehou het en die son met sy kop agter die arena weggeduik het, steek almal 'n kersie aan wanneer die eerste note helder opklink in hierdie eeuoue plek van wonder.

Wat kon meer glansryk vir Emma Renzi, Soprano Scaligera, wees as om haar suksesvolle loopbaan hier, waar die gees van die muse opgeroep word, af te sluit. (Scaligera is 'n eretitel vir sangers wat gereeld in La Scala gesing het.)

Terug in Suid-Afrika het Em hoof van die Operaskool van die Pretoriase Technikon en later sangdosent aan die Universiteit



van die Witwatersrand geword. Met min fondse het sy 'n enorme bydrae gelewer om sangers in verskeie operas op te lei en af te rig.

Sy het 'n huis in Aucklandpark gekoop en het almal verras. Haar hande staan vir niks verkeerd nie. Toe nuwe teëls aangebring moes word, was Em die beste vakman ooit. So bedrewe was sy dat toe haar ouers van die plaas na 'n ou geskiedkundige huis in Winburg verhuis het, Em die hele badkamer uitgeteël en hernu het. 'Weet jy,' lag Em, 'ek besluit toe om ook 'n bidet in te sit, en dis net daar waar die bidet toe die grootste besprekingspunt geword het. Byna die hele dorp het kom kyk.'

Baie sangers sal haar seker beny vir al die kere wat sy met beroemdes saamgewerk het. Dink maar aan name soos Montserrat Caballé, José Carreras, Zubin Metha, Placido Domingo, Veriano Luchetti, selfs Lauri-Volpi – te veel om op te noem. Of miskien sal hulle haar beny vir al die medaljes en welverdiende toekennings. Ek beny haar vir iets heel anders. Sy ontwerp en maak vir haar self die mooiste uitrustings. Vir my, wat nou nog nie 'n skinkbordlappie wat ek op dertien jaar begin borduur het, voltooi het nie, is dit so wonderlik dat ek elke keer as ek 'n Renzi-skepping sien, na my asem snak. Wanneer sy dan sê, 'Ja, ek was nogal gelukkig om hierdie stukkie lap te kry,' word jy bewus daarvan dat Emma Renzi, soos ware groot kunstenaars, intiem omgaan met daardie groot deug: nederigheid.



# STEPHEN EYSSEN

Nunez Holtzhausen, die sopraan, is oorlede. Kan Joubero vanoggend gou 'n huldeblyk skryf en voer na Johannesburg vir uitsending vandag nog.

Dit was die opdrag toe ek vroeg by die SAUK, toe nog in Minnaarstraat in Pretoria, instap.

Ek het dadelik die huis van oom Stephen Eyssen geskakel om 'n onderhoud met hom te kry, want hulle het so dikwels saamgesing. 'Mag ek asseblief met oom Stephen praat?' 'Jammer, hy voel nie lekker nie, en lê nog,' kom dit van tannie Adinda. 'Tannie, dis Joubero hier, en ek gee nie om om sommer by hom op die bed die opname te maak nie – dis oor Nunez Holtzhausen.' 'Hoekom sê jy nie dis jy nie – goed kind, kom maar.' En so het ek met hom, in sy nagklere, 'n pragtige huldeblyk oor sy gewese sangmaat opgeneem. Ek was gelukkig genoeg om 'n plaat (HMV FJ/43) te kry waarop die twee 'Die aandklokke lui in die verte' van Catherina van Rennes sing, en kon dit in die program insluit.

Hierdie einste opname het 'n amusante verhaal. Oorspronklik sou Adinda Eyssen, Stephen se vrou, die duet met hom opgeneem het, maar kom ons laat tannie Adinda dit self vertel, soos nét sy kon:

> Ja, kyk, ons word geneem na so 'n klein rammelkasgeboutjie waar 'n sekere mnr Duggan ons op plaat sou opneem. Een kant was daar 'n bad met vuil water, lappe en skropborsels. Nou jy weet, oom Stephen en ek sing mos darem toe al lang jare saam. Ons begin, en onthou, ek het kontinentale opleiding gehad en dié meneer was van die Engelse skool. Ek is 'n alt, en elke keer as ek by ''n sonnestraal skyn deur die lower' kom, dan stop hy my en sê: 'I want that top note covered.' Toe hy dit vir die derde keer doen toe ruk ek my op en sê: 'Nou loop ek, en ek gaan my hare laat perm en jy kan nou maar iemand anders kry wat kan ''cover''.' So het dit dan gekom dat Nunez Holtzhausen die opname saam met Stephen kom maak het. Want sien, sy kon 'cover'.

Van kleintyd het ek al geweet van oom Stephen Eyssen. Hy en my vader was tydgenote op Stellenbosch. Op die foto van Pappie se orkes staan Stephen Eyssen, die skepper van 'Segelied' (1914). In daardie dae – 1914 tot 1918 – was daar 'n klompie studente wat alles moontlik gedoen het om Afrikaans te bevorder. Die Debatsvereniging het sover moontlik alle byeenkomste, kuns- en kultuuraande, en selfs toneelstukke in Afrikaans aangebied.

Die bekende 'Segelied' het nogal 'n interessante paadjie geloop. Laat oom Stephen self vertel:

> As lid van die ATV (Afrikaanse Taalvereniging) moes ons 'aktiviste', soos ons genoem is, propaganda maak vir die



taal. Veertien dae voor een van ons kultuuraande in Stellenbosch kom die opdrag, Eyssen moet sing! Wat gemaak? Daar was geen kunslied in Afrikaans nie. Al genade – ek moes 'n lied maak. Ek het my vriend Piet du Toit, later dominee, aangesê om gou woorde te skryf. Ons gee dit toe die titel 'Hoop'. Gelukkig het dit byval gevind, soveel so dat toe die Werda-vereniging 'n paar maande later in Kaapstad 'n groot kongres oor Afrikaans gehou het, ek gevra is om dieselfde lied te sing. Ek het egter gevoel dat ander woorde meer geskik sou wees. Nog 'n vriende van my, A B Wessels, het nuwe woorde geskryf en 'Hoop' is herdoop tot 'Segelied'.

Daar is werklik baie musiek gemaak deur die Matie-studente. In Pappie se orkes was daar van sy Villiers-neefs, soos die vaders van Pieter de Villiers, die komponis, Steve de Villiers, gewese direkteur van die SAUK, en ook 'n sekere Tonti Malherbe. Dié Tonti, later predikant, was baie musikaal en het dikwels met sy viool op die preekstoel geklim en sy preke met allerlei vioolklanke geïllustreer. Tydens die instudering van 'n opvoering moes Adinda 'n lied sing. 'Wag, ek maak gou vir jou 'n liedjie,' en Tonti krap 'n paar note op papier neer, wat sy toe gesing het. Sestig jaar later het hy by die Eyssens kom kuier, en daar voor die klavier sing die drie oudstudente toe weer dieselfde liedjie. Na al die jare het hulle dit nog onthou.

Stephen Harry Eyssen is op 23 Mei 1890 op die skilderagtige dorp Montagu gebore. Sy opleiding het hy meestal in Stellenbosch en in die Kaap ontvang. Terwyl hy studeer het, het hy terselfdertyd aan die Konservatorium vir Musiek sy musiekopleiding, wat reeds in sy ouerhuis begin het, voortgesit. Nancy de Villiers (klavier), Walter Spiethoff (sang) en Denholm Walker (orrel) was van sy leermeesters.

'n Studentegroep het in 1920 'n konserttoer onderneem, en weer eens het Stephen Eyssen gesorg dat die sangitems in Afrikaans gesing word. Hy het tot vir Jan F E Celliers aangesê om Brahms se 'Wiegelied' in Afrikaans te vertaal. Miskien was daar 'n verskuilde agenda, want die woorde is opgedra aan Adinda Bartels – Stephen se toekomstige bruid. Nogal 'n oulike manier om iemand die hof te maak!

In 1921 is die twee getroud in die ou Groote Kerk in Kaapstad. Dit was 'n uitsonderlike troue. Vir die heel eerste keer is 'n paartjie in suiwer Afrikaans getrou. Die predikant, ook 'n Montagu-seun, broer van my moeder en vader van Elize Botha, 'n vorige Staatspresidentsvrou, was dr Servaas Rossouw.

Die jong paartjie het hulle in Heidelberg, Transvaal, gevestig, waar Stephen onderwys gegee het en later as prinsipaal aangestel is, totdat hy in 1948 Volksraadslid vir Heidelberg geword het. Hy het tien jaar as LV gedien.

Uit die staanspoor het hierdie twee mense





hulle gewig ingegooi by die musieklewe van Heidelberg. Vir jare was Stephen leier van die Orpheumkoor en -orkes. Dit was in daardie dae 'n mekka vir musiekliefhebbers. Die Orpheum-groepe het twee keer per jaar konsert gehou, 'n operette aangebied en 'n kantate uitgevoer. Daarby het Stephen Eyssen gesorg dat erkende kunstenaars gereeld in Heidelberg kom optree – kunstenaars soos Nunez Holtzhausen, Gladys Daniels, Sydney Rosenbloom het besoek gebring en, glo dit as u wil, Arnold van Wyk se Strykkwartet is in 1947 daar uitgevoer.

Adinda het ook haar deel gedoen en 'n Kinderhoekie op die been gebring. Sy het die groepie, waaraan Emma Renzi, Berdine Grünewald en Olga Kok deelgeneem het, so goed afgerig dat hulle dikwels na Johannesburg gegaan het vir radio-uitsendings.

Stephen Eyssen het in daardie dae wye bekendheid as sanger oor die radio en ook as volksangleier by volksfeeste en lenteskole verwerf. In 1949 is hy dan ook gevra om massasang met die inwyding van die Voortrekkermonument te lei. Hy het dikwels in konserte opgetree, en die baritonparty gesing in oratoriumuitvoerings, hoofsaaklik in Pretoria, waaronder *Judas Maccabeus* van Händel en die *Johannes*-passie van Bach. Laasgenoemde rol het hy vyf keer gesing. Hy het ook in Brahms se *Requiem* opgetree.

Dit was vir hom 'n groot eer om deur die SAUK as die tweede gaskunstenaar gekies te word om 'n landwye konsertreis te onderneem. Tien programme is in 1938 in Durban, Kaapstad en Johannesburg aangebied.

Sy heel eerste uitsending in 1922 het hy so beskryf:

> Ons het in 'n klein ou kamertjie in 'n gebou in Groentemarkplein bymekaargekom. Die orkeslede het sommer so in hulle werksklere opgedaag. Caprara, latere direkteur van die SAUK, het in die orkes die klarinet gespeel. Die plek was maar vuil. Daar het visnette rondgelê, en glo my, daar was 'n yslike walm van visreuk. Daar het ek my eerste lied, 'In het woud' van Philip Loots, gesing. Toe ek die trappe afkom, keer 'n man my voor en vra 'Who is the man that has just been singing? – it sounded like Peter Dawson.' Ai, dit was darem 'n pluimpie vir my.

Vir dertig jaar (1932–1962) was Eyssen lid van die FAK se musiekkomitee, en hy was ook medewerker aan die eerste en tweede FAK-bundel. Terwyl hulle in Durban besig was met die samestelling van die eerste FAK-bundel, het mnr Willem Fullard hulle genader om 'n program op te neem. 'Maar weet jy wat, ons het nie 'n enkele blaadjie musiek by ons gehad nie, maar ons het 'n volle driekwartuur gesing,' lag tannie Adinda.

Die laaste jare het hulle in Pretoria gewoon. Die dag toe oom Stephen Eyssen 84 jaar oud geword het, het ons sanggroepie,





Stephen Eyssen (foto: IMP Studio)

die 'Vrolike Vier', besluit om hom te gaan verras met blomme, koek en sang. Dit was 'n onvergeetlike dag. Ek het die bandopnemer aangeskakel, maar daar is soveel gelag en gepraat dat ek swaar gekry het om alles op die band te ontsyfer. 'Nee, mense, ek kan nie meer sing nie. Die dag toe ek tagtig jaar geword het, het ek, terwyl ek sing, skielik gevoel iets skort,' praat oom Stephen teë toe ons hom klavier toe sleep om saam met ons 'Segelied' en die gebed uit sy 'Boerwording' te sing. Dis tóé dat ek die storie van die 'Boerwording' van hom self te hore gekom het.

'Jy weet, daar in die kamp toe ek geïnterneer was gedurende die Tweede Wêreldoorlog, het ek stilletjies begin komponeer aan hierdie werk. Ek weet nie hoekom nie, maar hulle het my later op parool vrygelaat. Daar op 'n Karooplaas is ons toe afgesonder, sonder besoek, telefoon of motor.'

'Ja, so tussen die bobbejane,' neem tant Adinda oor, 'en weet jy, as ons sien die polisiepatrollie kom aan, dan gryp ek die bladmusiek, prop dit in 'n leë paraffienblik, en steek dit vinnig weg in die groot turksvybos! Weet jy, ek het nou nog die ou paraffienblik met die oorspronklike partituur.'

Ons het nog 'n verrassing vir dié twee besondere mense gehad – Retha-Louise, my dogter, en haar vriendin Tinkie, altwee toe nog op skool, het hulle kitare uitgehaal en hulle eie verwerking van oom Stephen se 'Wiegeliedjie' gesing. 'Dis pragtig,' kom dit van oom Stephen. 'Maar sê my, wie is die komponis?' – en weer volg daar 'n verhaaltjie. 'Op 'n kunswedstryd in 1941 het 'n vyftienjarige meisie die gediggie voorgedra. Die woorde is geskryf deur haar vader, R H Rautenbach, terwyl hy in die interneringskamp was. Dit het my so aangegryp dat ek dit getoonset het.'

Vandag as ek terugdink dan sien ek hom, die volksman, voor die klavier en hoor ek die welluidende baritonstem wat op 84-jarige leeftyd helder opklink met 'Saam na die noorde, saam met die wa!', 'n lied wat hy opgedra het aan almal wie se hart in Suid-Afrika is.



# BLANCHE GERSTMAN

Ek sien haar nog met haar blou blommetjieshoed staan by die Round House, agter haar die blou-blou see van Kampsbaai net so helder en skoon soos die blou van haar oë; ons lieflike vriendin met die warm hart en die stil glimlag – Blanche Gerstman.

Dit was in die sestigerjare dat ons 'n hegte vriendskap met hierdie heel besondere vrou opgebou het.

Mev Jo Ross het haar in daardie jare beywer om Suid-Afrikaanse Kersliedere te versamel. Sy het oor die lengte en breedte van ons land al wat 'n komponis is genader vir bydraes. Blanche Gerstman, bekende komponis van die Kaap, het heel eerste gereageer en die nou al oralbekende 'Bethlehem se Ster' was die heel eerste Kerslied wat mev Ross ontvang het.

In 1968, op die 17de Oktober, is die eerste bundel bekend gestel in die Pretoriase Vroueklub. Mev Tini Vorster het die eerste bundel ontvang en ons dameskoortjie wat vir 'n klompie jare al elke November- en Desember-maand oral hierdie liedere gesing het, het opgetree.

Vir hierdie groot geleentheid is al die komponiste wat Kersliedere gestuur het, genooi na hierdie funksie ... en so het Blanche Gerstman in ons harte kom inkruip, want dit was ons voorreg om haar te huisves.

Wat 'n besoekie van 'n week of twee sou wees, het uitgerek tot drie maande en elke dag was 'n vreugdedag. Ons het musiek gesels, musiek geluister en musiek gemaak. Daar het so 'n hegte band tussen haar en ons Retha-Louise (wat toe 'n laerskooldogterjie was) ontstaan dat as jy na Blanche gesoek het, jy seker kon wees die twee is bymekaar. Eendag na 'n gesoek kry ek die twee in die tuin in 'n weggesteekte hoekie besig met ... ja, kontrapunt!

Nog 'n vreugde in Blanche se lewe was blokkiesraaisels. Hoe groter en hoe meer ingewikkeld hulle was, hoe meer het sy haar daarin verlustig.

Sy was ontsettend lief vir die natuur. Op 'n oggend roep sy my dringend na haar kamervenster waar twee tiptolle besig was om 'n duo te sing. Een, twee, drie het sy hulle sang genoteer om in 'n komposisie te gebruik.

Sy het só dikwels gesê: 'Hoe kan ek ooit dankie sê?' My antwoord, 'Komponeer, want dis jou godgegewe talent.' En dit is presies wat sy gedoen het. Sy het deur ons digbundels geblaai en aangetrokke gevoel tot die gedigte van Jan F E Celliers. Later, ná haar terugkeer na Kaapstad, komponeer sy 'n lied, 'Kruger', en 'n sjarmante klavierwerk vir Retha-Louise.

Op die bed in die kinderkamer het daar 'n groot speelgoed-bobbejaan gelê. Dit was die inspirasie vir 'The pinkfaced monkey with the big ears'.



Na aanleiding van hierdie komposisies het die Afrikaanse Musiekklub van Pretoria, waarvan my man Etienne die sekretaris was, Blanche opdrag gegee om 'n sangsiklus oor fauna en miskien flora in ons digkuns te komponeer.

Blanche was opreg dankbaar, want haar gesondheid was teen daardie tyd al aan die verswak en weens aarprobleme in haar bene kon sy nie altyd haar plek as kontrabasspeelster in die Kaapstadse Simfonieorkes inneem nie. Finansieel het dit dus nie te goed gegaan nie.

Soms was dit ook asof die muse haar verlaat het, soos duidelik blyk uit talle van haar briewe. Slegs drie liedere van die siklus is voltooi, naamlik 'Die steenbokkie' (S J Pretorius), 'Ma en Pietjie' (Jan F E Celliers) en 'Die seemeeu' (Uys Krige).

Op Sondag 12 Augustus 1973 het Blanche twee weke na haar 63ste verjaardag in haar kamertjie in Kloofstraat, Kaapstad, gesterf na 'n groot operasie. (Daar bestaan egter meningsverskil oor haar geboortedatum. In my boekie is dit 2 April 1910.) Haar nooiensvan was Willenberg maar sy het haar stiefvader se van, Gerstman, aangeneem en aangesien sy so kort met Leftwich getroud was, het sy weer die van Gerstman gebruik.

Anton Hartman het na haar dood 'n pragtige huldeblyk geskryf en ek sluit dit graag hierby in.

**'n Huldeblyk aan Blanche Gerstman, gebore 29 Julie 1910**

*'n Vriendskap van byna dertig jaar is Sondag vir my deur die dood beëindig toe Blanche Gerstman oorlede is. Sy het twee weke gelede haar 63ste verjaarsdag gevier. Met haar heengaan het Suid-Afrika 'n besonder begaafde musikus verloor.*

*Musiek het haar hele lewe gevul en sy was besonder veelsydig. Sy het haar klavieropleiding van Colin Taylor ontvang en was 'n knap pianis, hoewel sy nie as solis uitgeblink het nie. Sy was egter 'n goeie begeleier en het die vermoë besit om maklik te transponeer en orkespartye in verskillende toonsoorte en sleutels saam te speel. Hierdie vaardigheid het haar goed te staan gekom gedurende die jare wat sy 'n lid van die SAUK se Ateljeeorkes in Kaapstad was en verskillende instrumente se partye op die elektriese orrel moes invul. Later het sy die kontrabas leer speel, 'n ongewone instrument vir 'n vrou, en was lank 'n lid van die Kaapstadse Simfonieorkes. Hoewel sy haar brood vir die grootste deel van haar lewe as orkesmusikant verdien het, was sy ook vir korter periodes dosent in harmonie, kontrapunt en komposisie aan die Universiteite van Kaapstad en Pretoria. Haar dors na kennis van elke aspek van musiek het daartoe gelei dat sy in 1947 lesse in die dirigeerkuns by die vermaarde Albert Coates in Kaapstad geneem het. Ek was self 'n lid van daardie klein dirigeerklas.*





Blanche Gerstman oorhandig haar komposisie oor die dood van dr Verwoerd aan mev Betsie Verwoerd (foto: Hennie van der Walt)



*Blanche Gerstman se grootste prestasie is op die gebied van skeppingswerk. Sy het op 'n jeugdige ouderdom al stukkies gemaak wat deur hulle spontaneïteit en oorspronklikheid groot belofte getoon het. Sy het van haar twaalfde jaar lesse in musiekteorie van Victor Hely-Hutchinson in Kaapstad ontvang en later 'n student van W H Bell geword. Toe sy agtien was, is haar eerste groot werk, met die naam 'Hellas', vir sopraan, koor en orkes, in die openbaar uitgevoer. Haar vroegste werke het heelwat klaviermusiek ingesluit.*

*Die vriendskap en belangstelling van Charles Weich was vir haar 'n groot aanmoediging en hy het die Engelssprekende jong komponis ook met Afrikaanse poësie laat kennis maak. Sommige van haar geslaagdste komposisies was Afrikaanse liedere wat in die dertigerjare ontstaan het. Haar bekende siklus 'Ek ken jou skaars' is 'n toonsetting van drie gedigte van Charles Weich. In 1938, toe 'n aantreklike beurs vir buitelandse studie vir jong komponiste ingestel is, was sy die vernaamste mededinger van Arnold van Wyk, aan wie dit toegeken is. Elf jaar later het sy die beurs gewen en 'n jaar lank in Londen by Howard Ferguson gaan studeer.*

*Haar belangrikste komposisies is in die jare net na die oorlog geskep. Eers was daar drie koorwerke op tekste van sulke digters soos W E G en Van Wyk Louw, Elisabeth Eybers en I D du Plessis, en later die Vioolsonate, waarin die dissipline en hegte konstruksie wat sy by Howard Ferguson geleer het, sy neerslag vind. Die drie groot koorwerke is almal in opdrag van die SAUK vir spesiale geleenthede gekomponeer, 'Die Boodskap aan Maria' vir Kersfees, 'Uit die Passie' vir Paasfees en 'Ode aan Suid-Afrika' vir Uniedag. Al drie getuig van die emosionele uitbundigheid, die strewe na treffende woordskildering en die soeke na nuwe klankeffekte. Later sou sy 'n liedsiklus 'Die Lied van 'n Vrou' komponeer wat dieselfde eienskappe toon. Haar vokale musiek is moeilik om te sing, want omdat sy self met absolute gehoor toebedeeld was, kon sy nie begryp dat mense wat nie dié gawe besit nie die ongewone spronge wat die stem moes uitvoer moeilik vind. Hierdie werke is almal belangrike en waardevolle bydraes tot ons musiekkultuur.*

*Namate sy ouer geword het, het sy daarna gesmag om ook eenkeer 'n groot treffer te skryf, soos Sibelius se 'Valse Triste' of 'Finlandia'. Sy het gevolglik verskeie werke in 'n meer populêre trant gekomponeer en etlike pryse daarmee verower. Hierdie musiek is egter nie van dieselfde waarde as haar groot koorwerke nie.*

*Min mense weet dat Blanche Gerstman in 1940 getroud is met die tjellis Eric Leftwich. Die huwelik was egter van korte duur omdat hy minder as 'n jaar later gesneuwel het op die slagvelde van Noord-Afrika. Ondanks haar liefde vir vrolikheid en geselskap was Blanche Gerstman 'n eensame mens en die eensaamheid het met die klimmende jare al meer om haar toegevou. Nou*



*het sy gaan rus, nadat sy ons verryk het met veel musiek van skoonheid en waarde.*

En nou wil ek Blanche ook groet met 'n ware Kersverhaal waarin sy ontwetend die hoofrol vertolk het.

In 1969 het ons besluit om via Kaapstad en die Tuinroete vakansie te gaan hou in Jeffreysbaai. Die kar was gelaai tot aan die dak. Blanche was in die wolke om te hoor dat ons kom. Ons op ons beurt kon nie wag om haar rond te neem nie. Die dag voor ons vertrek kom sy opgewonde na die motor: 'Kan julle my aflaai op daardie hoek,' en sy wys met haar ronde handjie, 'ek het 'n verrassing vir julle!' Ewe gehoorsaam ry ons 'n paar keer om die blok net om met die laaste draai vir Blanche te sien staan met 'n yslike wit doos van byna 'n meter by 'n meter voor haar. Daardie stralende gesig sal ek nooit vergeet nie. 'Dis vir julle. Ek wil so graag op 'n besondere manier vir julle dankie sê,' en met groot versigtigheid oorhandig sy die yslike doos. My man en ek loer skelm vir mekaar. Waar op dees aarde gaan ons plek in die kar kry vir hierdie geskenk!

Blanche kon nie wag nie, ons moes dit dadelik oopmaak. Wat sou ons vind? Die allerfraaiste Hansie en Grietjie-koek, kompleet met huisie met veldblommetjies, twee kindertjies, boompies en selfs 'n wit heininkie rondom, alles uit versiersuiker gemaak. Dit was 'n ware kunswerk, maar so fyn en broos en die lang pad lê nog voor. Ons het dierbare Blanche omhels en opreg die koek bewonder ... maar wat nou gemaak?

In die familie aan die Kaap was daar 'n nuwe aankomeling van 'n klompie weke. Hoe sou dit wees as ons hierdie koek skenk aan die nuwe baba? So gesê, so gedaan. Die ouma en oupa sou sorg dat die kleinding dit kry.

Heelwat later sou ons die vervolgverhaal van hierdie 'geseënde' koek hoor. Vriende van die gesin en toevallig vriende van ons se dogtertjie het ernstig siek geword en in die hospitaal gelê. Die pragtige meisietjie het alle belangstelling in dinge om haar verloor en wou niks eet nie. Die ouma en oupa sit toe met hierdie fraai koek en besluit om dit hospitaal toe te neem na die siek kindjie.

Toe sy die koek sien, het haar ogies begin flikker en met 'n swak handjie het sy 'n klein stukkie van die traliewerk afgebreek en geëet.

Sy het beter geword en die koek het saam met haar huis toe gegaan, betyds vir Kersfees.

Met Ou Kersaand kom 'n ander gesin kuier. Een van hulle kindertjies was verstandelik gestremd en verskriklik lastig die aand. Skielik het hy die koek gesien en niemand kon hom wegkry van Hansie en Grietjie nie. U kan raai. Die koek het weer 'n nuwe tuiste gevind. Blanche het, soos dwarsdeur haar lewe, vreugde en liefde nie net deur haar musiek nie, maar ook deur haar dade versprei.



# HANNES UYS

'Gebore? Ja, ek weet nie so mooi nie ... Ek was 'n ongeluk of so iets. Sien, my ma en pa het gaan stap, toe word my ma moeg en so in 'n grap sê sy: "Laat ek maar sit, sommer vir 'n 'lark' " – en ek is nou die "lark".' Niemand anders as Hannes Uys, die vader van Pieter-Dirk Uys, sou so iets in 'n onderhoud vertel nie.

Hannes is in die Paarl gebore en het regoor die ou Gimnasium gewoon waar hy skoolgegaan het. Vroeg reeds het hy musiektalent getoon, en na sy matriek is hy na die Universiteit van Kaapstad. In daardie jaar, 1927, sterf sy vader, en Sannie Uys verhuis met haar twee dogters en Hannes na Kaapstad.

Vroeër, in 1908, is daar in Berlyn 'n dogtertjie, Helga Bassel, gebore, wat later 'n groot rol in Hannes se lewe sou speel. Haar ouers was van Wenen, en hulle het hul begaafde dogter na Jascha Horenstein geneem vir klavierlesse. Na haar studies aan die Hochschule für Musik in Berlyn het sy opgang begin maak as pianis. Haar broer het in Kaapstad gewoon, en in 1937 het sy by hom kom kuier. William Pickerill, dirigent van die Kaapstadse Simfonieorkes, het haar talent raakgesien en dikwels laat optree. Die Kaap het gewink, en na 'n konsertreis deur die destydse Suidwes-Afrika is sy terug na Berlyn om haar goedjies te gaan pak. In 1939 het sy na Suid-Afrika verhuis.

Hannes en haar paadjies het gekruis, en sy is in 1943 met hom getroud. Hulle huis was vol musiek, met twee klaviere wat gedurig bespeel is. Albei het les gegee. Op 'n dag besluit hulle om tweeklavierwerke uit te toets. So het die bekende klavierduopaar Hannes Uys en Helga Bassel ontstaan. Hulle het oral opgetree – in die Kaap, Pretoria, Johannesburg en Durban. Trouens, die paar was so gewild dat hulle in 1948 in die eerste Suid-Afrikaanse musiekrolprent, *Kom saam Vanaand*, opgetree het.

Wanneer Hannes oor daardie dae gepraat het, het die lekkerte van onthou in sy oë geblink. 'Ge, ek moet darem vertel van die wonderlike konsert en die party daarna met byna 400 groot kokkedore wat Nunez Holtzhausen in Pretoria vir ons gereël het. Ek het altyd 'n hoë dunk van haar gehad want sy het een keer in die Paarl, toe ek nog op skool was, 'n uitvoering kom gee. Sy was so "glamorous", 'n Hollywood-ster kon nie naby haar kom nie.'

Dit was maar een van baie wonderlike konserte. Hulle het dikwels ook in die Kaapstadse Stadsaal opgetree. Een keer sou hulle onder leiding van Enrique Jorda die tweeklavierkonsert van Mozart uitvoer. Soos die gewoonte was, het die klein vierjarige Pieter-Dirk saam met sy ouma gaan luister na sy ouers. Tydens die repetisie is ontdek dat hulle Duitse uitgawe so ongeveer drie frases meer gehad het as die orkes se Engelse manuskrip, en daar is



toe besluit dat dié gedeelte uitgelaat sou word. Twee dae na die konsert, terwyl Helga die klein Pieter bad, vra die klein mannetjie: 'Mamma, hoekom het julle hierdie stuk nie gespeel nie?,' en hy sing die gedeelte.

Hannes het besef sy twee kinders, Pieter en Tessa, is musikaal. 'Toe hulle nog babas was, was hulle altyd stroopsoet terwyl ons klavier gespeel het, maar laat ons net ophou, dan huil hulle dat dit bars,' was sy kommentaar. 'Maar weet jy, Pieter wou nooit klavier speel nie. Tessa was anders. Van kleins af het sy gesê sy wil 'n "player" wees. Vandag is sy 'n bekende pianis met haar tuiste in Londen.' En ewe trots voeg Hannes by: 'In die Akademie is daar koperplaatjies met die name van hulle beste leerlinge daarop aangebring, en raai langs wie hang Tessa s'n – Dame Myra Hess!'

Pieter het egter 'n besondere seunsopraanstem gehad, en het vinnig geleer. Sy sangmaat was Dawid de Villiers, vandag 'n bekende dirigent. Die twee kinders het so pragtig saamgesing dat hulle oral genooi is om op te tree. Hulle repertoire het werke soos *Panus Angelicus* van César Franck en dele uit requiems, kantates en misse van die groot meesters ingesluit. So bekend het hulle geraak deur optredes en uitsendings dat daar 'n langspeelplaat gemaak is. Gou het ander kinders belang begin stel, en toe Hannes sy oë uitvee, sit hy met 'n kinderkoor van 24, en glo dit as u wil, Laurika Rauch staan sowaar ook op 'n foto van die koor. Sondae, nadat hy as orrelis klaar was met die diens, het hy soos 'n hen sy kuikens bymekaargemaak om te oefen. Die geld wat hulle gemaak het, het hy onder die kinders verdeel. 'Maskas, dit was vir hulle tog te wonderlik om elkeen 'n ghienie te kry – en ons het partykeer sewe tot agt keer per maand gesing. O, en dan was daar nog die partytjie aan die einde van die jaar wanneer 'n ieder en 'n elk 'n presentjie gekry het.' En ek besef terwyl hy praat wat hierdie Kindersangkring vir hom beteken het.

Vir meer as vyftig jaar was Hannes orrelis. Eers in Seepunt, toe in die Groote Kerk, toe in Parow, en later in Rondebosch. As mens wou lag dat jou ribbespiere pyn, moes jy Hannes vra om van sy orreliskatastrofes te vertel:

> Jy weet, ek het seker vir duisende troues gespeel. Partykeer het dit so wild gegaan op 'n Saterdag dat ek vasgenael was voor daardie orrel van tienuur die oggend tot laatmiddag. Hulle word so ingeryg – en as die een laat is, is die hele ou spulletjie deurmekaar. Dit het eendag gebeur in die Groote Kerk. Die bruid moes half-drie die kerk binnekom. Daar voor die preekstoel staan die tengerige bruidegom, blommetjie en al, saam met sy twee strooijonkers, en al wat kom is die bruid. Dis naderhand tien minute, en nog g'n bruid op die horison nie, en ek speel en speel. Dok Van der